# Rokende Houtstomp

# Volume 1

## Uit die ewige vuur geruk

*(Is dit dalk jy?)*



**Joas Natan**

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skrifaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld nie.

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in enige informasiebewaringseenheid en herwinningsisteem sonder die uitdruklike toestemming van die skrywer nie.

Kontakbesonderhede: admin@joasnatan.co.za

Vir hierdie en ander boeke, besoek https://joasnatan.co.za

## Oorsig

### Jaar Een

**Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie. (Huidige boek)**

**Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.**

**Volume 3: 19 April tot 9 Junie**

**Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie**

**Volume 5: 1 Augustus tot 21 September**

**Volume 6: 22 September tot 12 November**

**Volume 7: 13 November tot 31 Desember**

### Jaar Twee

**Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie**

**Volume 9: 22 Februarie tot 10 April**

**Volume 10: 11 April tot 31 Mei**

**Inhoudsopgawe (Volume 1)**

| | |
|---|---|
| Inleiding | Bl. 7 |
| 1 Januarie. Geloof en sekuriteit | 11 |
| 2 Januarie. Onreg | 12 |
| 3 Januarie. R3000 | 14 |
| 4 Januarie. Afgode 1 | 16 |
| 5 Januarie. Afgode 2 | 18 |
| 6 Januarie. Aflê en opneem 1 | 21 |
| 7 Januarie. Aflê en opneem 2 | 24 |
| 8 Januarie. Afhanklik | 26 |
| 9 Januarie. Aftreejare | 28 |
| 10 Januarie. Alles is perfek 1 | 30 |
| 11 Januarie. Alles is perfek 2 | 31 |
| 12 Januarie. Alles is perfek 3 | 32 |
| 13 Januarie. Alles net deur Hom 1 | 34 |
| 14 Januarie. Alles net deur Hom 2 | 36 |
| 15 Januarie. Agrippus | 38 |

| | |
|---|---|
| 16 Januarie. Arm | 39 |
| 17 Januarie. Armoede | 42 |
| 18 Januarie. Arrogansie | 43 |
| 19 Januarie. Asem | 46 |
| 20 Januarie. Toring van Babel 1 | 48 |
| 21 Januarie. Toring van Babel 2 | 51 |
| 22 Januarie. Arm 2 | 54 |
| 23 Januarie. Bandiet 1 | 57 |
| 24 Januarie. Bandiet 2 | 59 |
| 25 Januarie. Bang | 61 |
| 26 Januarie. Beheer | 64 |
| 27 Januarie. Blinde pastoor | 67 |
| 28 Januarie. Bloed en grond | 69 |
| 29 Januarie. Blokkasies | 71 |
| 30 Januarie. Blye verwagting | 72 |
| 31 Januarie. Boetedoen en toelaat | 74 |
| 1 Februarie. Toelaat | 77 |

| | |
|---|---|
| 2 Februarie. Brandpyn | 79 |
| 3 Februarie. Brood | 82 |
| 4 Februarie. Bruilofskleed | 84 |
| 5 Februarie. Deur die Jordaan | 87 |
| 6 Februarie. D of P | 89 |
| 7 Februarie. Dankgebed | 92 |
| 8 Februarie. Denkfout 1 | 94 |
| 9 Februarie. Denkfout 2 | 95 |
| 10 Februarie. Beter plan | 98 |
| 11 Februarie. Deure 1 | 101 |
| 12 Februarie. Deure 2 | 104 |
| 13 Februarie. Armes van gees 1 | 106 |
| 14 Februarie. Armes van gees 2 | 109 |
| 15 Februarie. Behoue goddelikheid | 112 |
| 16 Februarie. Bekering van perfeksionisme | 115 |
| 17 Februarie. Bekers | 117 |
| 18 Februarie. Ben | 120 |

19 Februarie. Besoek aan Israel 122

20 Februarie. Meneer, mevrou, dominee 125

21 Februarie. Bitter water kritiek 1 127

22 Februarie. Bitter water kritiek 2 129

23 Februarie. Bekering van kersfees 132

24 Februarie. Motorwrak 1 135

25 Februarie. Motorwrak 2 137

26 Februarie. In U Naam 140

**Inleiding**

**Waarom?**

Mense wonder gewoonlik waarom ‘n persoon ‘n boek skryf. Hierdie boek met 10 volumes is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2023 by die skrywer, in sy stiltety laat opkom het. Hy is gedring deur ‘n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel; ander wat dalk nog nie op die bepaalse wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook ‘n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk,* kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

**Waaroor?**

‘n Mens wonder ook waaroor die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met booddskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

**Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies**:

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het**. Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

**Oor die outeur en finansies.**

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee.* Natan beteken: *Hy het gegee.*

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

*5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)*

***Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.***

***Joas Natan***

*1 Januarie*: **Geloof en Sekuriteit**

***<u>Abba:</u> Vader***

Geloof is om God vir jou redding te vertrou. Dit is om jou rug te keer op, en nie meer te vertrou op, dit wat die wêreld as sekuriteit bied nie. Dit is ‘n onvoorwaardelike sprong in Jesus se arms in. Dit is die *vat* van die onsienlike genade, die aanvaarding van die redding, wat God in Sy Seun vir ons belowe het, dit is die sien van die onsienlike geesteswerklikheid, met die hartsoog. Daarom staan daar in **Mat. 6:33** dat die *mens allereers God se koninkryk en God se wil moet soek en dat God* ***dan*** *al die ander dinge (onder andere, wêreldse sekuriteite) vir die mens sal byvoeg.* Hoe meer die mens verknog raak aan wêreldse sekuriteite, en hoe meer die mens krampagtig daaraan vashou en op die wêreld om jou fokus asof, dit die enigste werklikheid is, hoe minder is dit moontlik om tot geloof-sekuriteit te kom en hoe moeiliker raak dit om te glo

*2 Januarie:* **Onreg**

***<u>Abda</u>: Dienaar van God***

Die meeste mense is baie sensitief vir enige vorm van onreg. Die belewing van onreg teenoor die self, of teenoor iemand anders, is gewoonlik die een geleentheid, waar satan maklik toegang tot ons siele kry. Neem nou maar die voorbeeld van 'n weerlose ou vroutjie wat net haar hele lewe lank goed gedoen het aan ander. Dan word daar by haar ou woonstelletjie ingebreek. Sy word verkrag en van haar ou paar besittinkies geroof. Hierdie gebeurtenis, met die verskriklike onreg wat daarmee gepaard gaan, is gewoonlik genoeg om 'n mens in jou siel te raak. Soms kry satan so toegang tot jou hart. Wanneer hy jou sover kan kry dat jy begin verwyt en verwens en sukkel om te vergewe, het satan goed gevorder om haat by jou op te wek. Haat is maar net die voorspel tot moordgedagtes en dan is jy niks beter as die verkragter van die ou vroutjie nie. Wat moet 'n Christen doen wanneer hy van onreg hoor? Die oplossing is om aan Jesus se voorbeeld in hierdie verband te dink. Wie is daar wat ooit meer onreg as Hy gely het? Hy is vlekkeloos. Hy het nooit in Sy lewe iets verkeerd aan enige mens gedoen nie. Hy was net goed en vol liefde. Wat het Hy dan gedoen om so wreed deur mense behandel te word? Wat het Hy gedoen om die spot en vloek van mense te verdien? Wat het Hy gedoen om die wrede geseling, toe stukke vleis uit sy liggaam deur die kats geruk is, te regverdig? Wat het Hy verkeerd gedoen sodat Hy in sy gesig gespuug moes word? Wat het Hy gedoen om die ontsettende

brandpyn van ‘n doringkroon wat op Sy kop vasgedruk is, te verdien? Wat het Hy verkeerd gedoen dat spykers deur die trillende senuwees van sy hande en voete geslaan is? Het Hy, wat die wêreld se dors kom les het, verdien om die ontsettende dors aan die kruis te verduur, toe Sy liggaam leeg gebloei het? Wat het Hy verkeerd gedoen om uiteindelik ‘n dood deur versmoring, skok en bloedverlies aan ‘n kruis, te verdien, Hy wat in ons die asem van die Lewe kom blaas het?

**Hy, ons Jesus, het ons kom wys hoe onreg lyk**

Jesus het vir die mense wat hierdie dinge aan Hom gedoen het, gebid **(Luk 23:34).** Hy het dit wat hulle gedoen het, losgemaak van Sy liefde vir mense. Hy het gevra dat die Vader die mens moet vergewe want die mens weet nie wat hy doen nie. Hy het die mens liefgehad want dit is vir dieselfde mense wat Hom gekruisig het, wat Hy gesterf het. Hy het onreg in sy diepste vorm ervaar en Sy reaksie was een van liefde en vergifnis.

Hoe moet ons dan dink en reageer op onreg?

Ons moet, soos die Bybel sê*, juig en bly wees indien ons in allerhande beproewings (soos onreg) val* **(Jakobus 1: 2).** Wanneer ons onreg ly, kry ons deel aan Christus. Ons is immers nie beter as Hy of verhewe bo Sy pyn nie. So kry ons deel aan Hom in lyding en dan veral in die ly van onreg.

*3 Januarie* **3000 Rand (2007)**

***Abdi: Dienaar van die Here***

‘n Ou man vertel my van R3000:

Hy sê sy oupa het in **1925** ‘n plaas van 15,000 hektaar vir R3000 gekoop.

In **1950** het sy ouers ‘n drieslaapkamerhuis vir R3000 gekoop.

Hyself het in **1970** ‘n tienhektaar kleinhoewe vir R3000 gekoop.

Tienjaar later in **1980** het hy ‘n stranderfie vir R3000 gekoop.

Nou **onlangs** het hy ‘n grasmasjien vir R3000 gekoop.

Hy sê sy broer verdien tans R 3000 **per uur** as professionele persoon.

Sy tuinwerker verdien R3000 **per jaar** vir die een dag per week wat hy werk. *R3000 is nie meer wat dit was nie. R 3000 beteken vir verskillende mense totaal verskillende dinge.*

**Hoe kan R3000 vandag nog werklik waarde hê**? Om iets daarmee vir jouself te koop is ‘n probleem. Jy kan ‘n gemiddelde kwaliteit horlosie daarmee koop. Jy kan vir twee nagte vir jouself en jou vrou losies in ‘n hotel koop. Jy kan miskien vir jou ‘n redelike kamera daarmee koop.

**R3000 het vandag alleen regtig waarde indien jy dit begin weggee.**

Jy kan 30 Bybels daarmee koop vir 30 honger siele. In China kan een Bybel ‘n hele gemeente bedien veral wanneer die bladsye uitgeskeur word en elke lidmaat ‘n bladsy ontvang wat dan weer later geroteer word.

R3000 kan 300 brode koop. Dit kan vir 300 mense die verskil tussen lewe en dood beteken en vir een dag kos voorsien.

R3000 kan sinkplate en hout koop vir skuiling vir ‘n gesin.

R3000 kan baie medisyne koop om lyding te verlig en gesond te maak.

**Wat gaan jy vandag met jou R3000 doen?**

*4 Januarie* **Afgode 1**

***<u>Abi-Alban:</u> My Vader is krag.***

In Eksodus 20 staan ondere andere die volgende: *Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel of onder op die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie. Ek die Here jou God is 'n jaloerse God.*

Dwarsdeur Israel se geskiedenis was dit seker een van die moeilikste gebooie om na te kom. Telkens het die Israeliete, hulle priesters en konings ingesluit, voor die afgode gebuig. Dan is die volk gestraf en later het God weer genade aan hulle betoon, totdat die volgende afgodsaanbidding weer voorgekom het. Wanneer 'n mens die geskiedenis van Israel lees staan jy verstom oor hierdie verskynsel van val en opstaan. Dit lyk so onmoontlik dat 'n volk, wat so geseënd deur God was, vir hulle afgode kon maak en voor die dooie afgode kon buig.

**Wat is 'n afgod?**

'n Afgod is enigiets wat God se plek inneem,enigiets wat hoër as Hy geag word. Dit is iets wat in plaas van God aanbid word. Dit is amper of die fokus op God 'n bietjie uit fokus raak. Jy sien nie eintlik meer net vir God raak nie maar fokus op iets of iemand langs, voor of agter of in die plek van God. Dit wat hoër as God geag word word dan ook gewoonlik meer vertrou as vir God.

Afgode floreer in Afrika. Daar is ‘n geweldige aanhang van die *sangomas* of toordokters, wat sterk op die aanbidding van afgode en demone fokus. Vir die westerling is dit ondenkbaar dat die Afrikaan so naïef kan wees.

Hoe kon die Afrikaan en die Israeliet so dom gewees het om so baie afgode te aanbid?

Voordat hierdie vraag beantwoord word, is dit nodig dat ons die afgode in ons eie lewens ontdek..

Ons is trots op die feit dat ons Christene is. Die meeste blanke Afrikaners wat Sondae kerk toe gaan, bely dat hulle God bo alles stel en net Hom aanbid. Maar is dit in die alledaage lewe van die meeste blanke Afrikaners regtig waar?  Kom ons kyk ‘n bietjie na ons hedendaagse afgode (Volgende dagstukkie).

*5 Januarie* **Afgode 2**

***<u>Abida:</u> Vader weet.***

Die volgende afgode kom by baie Christene voor:

Afgode wat vir jou **meer sekuriteit as God** gee. Hier dink ons aan versekeringspolisse, sekuriteitsheinings en -kameras, waghonde ens. Nie dat daar iets daarmee verkeerd is nie. Ons moet doen wat ons kan maar *as die Here die Huis nie bou nie swoeg die wat daaraan bou tevergeefs.* (Ps127:1).

1. Wat verskaf vir ons die meeste **genot en plesier**? Waarmee sal ons by voorkeur ons mee besig hou? Is dit om God se Woord te lees, met Hom te praat, Sy dinge te bedink, tot Sy lof en eer uit te jubel en ons in Hom te verbly? Geniet ons dit om oor Hom te praat of is dit vir ons baie aangenamer om TV te kyk, vir ons sporthelde te skeeu en liewers 'n wêreldse boek, tydskrif of koerant te lees?
2. Maak ons van die **maag** 'n afgod? Hoe baie van ons tyd en beplanning het nie met kos te make nie? Hoeveel geld word bestee op wat ons kan eet, bo en behalwe wat ons liggame nodig het? Dink maar veral aan verjaarsdae, feesdae en spesiale geleenthede. Wat eet jy die graagste? Is dit die Woord van God en Sy Heilige Nagmaal? Wanneer jy na jou liggaam in die spieël kyk, wat vertel dit vir jou?
3. Die menslike **verstand** word dikwels verafgod. Dikwels is die slim mense, die wat moeilike professies kan beoefen, mense soos dokters,

spesialiste en rekenmeesters, die mense wat die hoogste eer ontvang. Saam met die verstand word kennis in ons tyd dikwels verafgod. Hoeveel tyd spandeer mense vandag op die internet om meer te wete te kom?

4. **Politieke afgode** kom baie voor. Dikwels is dit moontlik om uit 'n persoon se fanatiese politieke oortuigings te kan aflei wat vir hierdie persoon die deurslaggewende saak in sy lewe is. Politieke helde word dikwels meer as God self vereer.

5. **Sport** is sonder twyfel in baie Christene se lewens hulle god._Kyk hoeveel tyd, entoesiasme, geld en gesprekvoering word aan sport bestee. Dikwels veel meer as aan God.

6. Geld, **materiële besittings**, motors, huise, strandhuise en vele meer is die rede vir baie mense se bestaan. Hierdie dinge gee sin, betekenis, inhoud en dryfkrag aan die persoon se lewe. Hierdie dinge het dikwels veel meer waarde in 'n persoon se lewe as sy liefde vir Jesus.

7. Die grootste afgod in die hedendaagse, westerse, gelowige se lewe is sekerlik **die self.** Dit gaan grootliks oor ***I, me and myself.*** Bykans alles in die advertensiewêreld is ingestel op die uitbuiting van hierdie menslike swakheid. Wanneer 'n mens nie iets vir homself begeer nie, word hy deur advertensies oortuig dat hy nie kan bestaan sonder die besondere artikel nie. 'n Wetenskap, soos die Sielkunde, glo ook dat die

mens sy eie god is, dat hy tot alles in staat is, en dat alles oor die mens se selfaktualisering gaan.

So is daar nog baie meer afgode wat in ons lewens die deurslag gee. Probeer om self die afgod in jou lewe te ontdek.

*6 Januarie* **Aflê en opneem (1)**

***<u>Abidan:</u> Vader is regter.***

*Aflê* en *opneem* is seker van die belangrikste beginsels in die geestelike lewe van die gelowige. ‘n Sekere gelowige het die beginsels van aflê en opneem ten opsigte van sekere sake in sy lewe begin toepas en het as gevolg daarvan baie groot geestelike groei begin ervaar. Hy het **twee dinge afgelê** te wete die lees van koerante en die kyk van gewone televisie. Hiermee saam het hy die volgende **opgeneem**: hy het op televisie net programme met ‘n geestelik- godsdienstige inhoud begin kyk. Hy beweer sy geestelike lewe het, deur hierdie twee eenvoudige dinge te doen, ‘n heel ander wending gekry en momentum in ‘n positiewe rigting ontwikkel. Sy honger vir omgang met die Here en die behoefte om Sy woord te lees het dramaties toegeneem. Hy het los begin raak van die dinge wat sy lewe gevul het en sin en betekenis aan die dag gegee het; dinge soos die verdien van geld, om jouself te geniet en sekuriteite vir jouself te skep. Die gedagte het toe by hom ontstaan om die beginsels verder ten opsigte van ander gebiede in sy lewe ook uit te brei.

Wat daarvan indien hy **ongeloof en wantroue** begin aflê en **geloof en vertroue** begin opneem? By die vorige voorbeeld van *aflê* en *opneem* was dit relatief maklik en eenvoudig omdat daar met konkrete dinge gewerk is, maar om hierdie beginsel op meer abstrakte dinge toe te pas blyk toe veel moeiliker te wees. Hy het besluit om dit nietemin so eenvoudig as moontlik te probeer hou. Die eerste

vraag wat ontstaan het is oor wat geloof in ongeloof en vertroue in wantroue laat ontaard. **Geloof** is ‘n genadegawe van God. Geloof kom ook uit die kennis van God se woord. Geloof word bevorder deur die hoor van God se woord. Geloof word versterk deur gehoorsaamheid. Geloof word gebou deur tyd saam met God in gebed deur te bring. Geloof word versterk deur die regte kennis. Geloof word geloof wanneer dit gedoen word. Geloof moet gespreek word. Geloof moet ook gekies word. Geloof word deur lyding versterk. Indien ‘n persoon hierdie dinge ten opsigte van geloof opneem sal geloof in die persoon versterk word.

Hierteenoor kom die aflêdeel ten opsigte van **wantroue**. Kom ons kyk na dinge wat ons kan aflê ten opsigte van wantroue in God. Wantroue in God kom onder ander deur vertroue in die mens en die mens se bekwaamheid te stel. Wantroue kom wanneer ek meer op die selfhelpgidse van die wêreld vertrou as op God se woord. Wantroue word vesterk wannneer ek die boodskappe van die wêreld meer hoor as die woord van God. Wanneer ek kies om nie aan God gehoorsaam te wees nie, sal ek Hom nie kan vertrou nie. Indien ek nie genoeg tyd saam met God in gebed deurbring nie, sê ek daardeur dat Hy nie vir my belangrik is nie. Hoe kan ek Hom dan vertrou? Indien ek min van God af weet sal ek nie weet hoe baie Hy vir my omgee en vir my wil doen nie. Ek sal dus ‘n groot seën van vertroue in Hom so misloop. Indien ek nie dit wat ek glo, wil doen nie, word dit wat ek glo nooit ‘n werklikheid in my lewe nie. Indien ek ongeloof spreek moet ek nie verwag om in my vertroue op Hom versterk te word nie.

Môre kyk ons na nog ‘n paar voorbeelde van dinge wat ons kan opneem en dinge wat ons kan aflê ter bevordering van ons verhouding met God.

*7 Januarie* **Aflê en Opneem (2)**

***Abigail:*** ***Vader verheug Hom.***

Kom ons raak nou prakties:

**Afleggings en opnemings:**

1. Wat ek **sê** moet getuig van my vertroue in die Here. Ek lê af alle mondelinge uitinge wat van wantroue getuig. God is in beheer van my lewe en ek vertrou Hom om alles ten goede te laat meewerk **(Rom.8: 28).** In dit wat ek spreek sal ek my absolute vertroue in Hom laat blyk.
2. Ek gaan Hom, my Vader, **dank** vir alles wat Hy in my lewe laat gebeur en ek gaan nie meer aan satan enige erkenning gee nie. Satan is nie in beheer van my lewe nie. God is Almagtig en Hy het satan oorwin.
3. Ek gaan **in geloof lewe en in geloof doen**. God het hierdie dag gegee. Hy het 'n plan met my lewe vir hierdie dag. Ek gaan in vertroue op Hom hierdie dag so leef, volkome aan Sy wil oorgegee.
4. Ek gaan my gedagtes, woorde en handelinge beoordeel en gedurig vra: **Is dit wat God van my verwag**? Is dit hoe Hy sou opgetree het? Is dit hoe Hy my toerus om te lewe deur Sy Heilige Gees? Vertrou ek Hom indien ek so maak, so dink en so praat?
5. Ek gaan doelbewus my **ongehoorsaamheid aflê** en vra: **wat is U wil Here?**

6. My **tydsbesteding** is belangrik. Wat kan ek doen in die tyd tot my beskikking om my vertroue in Hom te versterk, om meer van Hom te leer en meer tyd saam met Hom deur te bring.
7. Elke pyn, lyding, terugslag of frustrasie sal ek sien as Sy bemoeienis om my **meer afhanklik** van Hom te maak en my vertroue op Hom te versterk. Dus sal ek Hom daarvoor dank.

**Hier is sewe dinge vir aflê en opneem om jou vertroue te versterk en jou wantroue in God af te breek. Die gelowige sê, hy gaan dit probeer doen in die verwagting dat hierdie aflê en opneem vir hom veel gaan beteken. Wat van jou, wil jy nie ook probeer nie? Kom ons begin ons vertroue oefen en vertrou God om ons hiertoe gewillig en bekwaam te maak**

*8 Januarie* **Afhanklik**

***Abihad:*** ***Vader is Majesteit.***

In Matteus 5: 3 staan:

*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is.*

In Johannes 15: 5 en verder leer die Here Jesus sy dissipels oor afhanklikheid, wanneer Hy die voorbeeld van die wingerdstok en die lote gebruik. Hy sê in hierdie verband die volgende:

*Net so beteken julle ook niks sonder My nie. Leef elke oomblik van die dag in afhanklikheid van My. Ek sal dan elke oomblik by julle ook wees. So sal julle vir God 'n vrugbare lewe kan lei.*

Dit is goed dat die mens in sy lewe, vir alles wat hy van God nodig het, afhanklik bly. Daar is 'n groot gevaar in opgesluit as God maar net die middel tot die doel word nie. Jou omgang met God behoort oor 'n verhouding met Hom te gaan en nie oor iets wat jy van Hom wil hê nie. God behoort die fokuspunt van die mens se afhanklikheid te wees en nie dit wat hy van God wil ontvang nie. *Alleen so sal julle vir God 'n vrugbare lewe kan lei.*

Hierteenoor is die mens dikwels op soek na totale **on**afhanklikheid. In die mens se strewe na onafhanklikheid probeer hy self god wees deur onder andere perfek op te tree. Net die beste is goed genoeg vir die self. So brand mense hulleself uit om aan hulle eie hoë eise te voldoen. Wat so tragies is, is dat die mens in hierdie

onafhanklikheidstrewe, in sy soeke na eie perfeksie, eintlik besig is om van homself ‘n god te maak. Besonder begenadig is die mens wat nie baie slim is nie, nie baie ryk is nie, nie baie bekwaam is nie, nie baie geleerd is nie, nie baie is van dit wat in die wêreld as belangrik beskou word nie. Hierdie gemiddelde mensies het nie ‘n keuse nie, hulle is van God afhanklik om aan die eise van die lewe te kan voldoen. Selfs die baie bekwame Paulus is deur God begenadig toe God nie toegegee het aan Paulus se versoek om die doring in sy vlees te verwyder nie. Ook Paulus is geseën met ‘n terrein in sy lewe wat nie perfek was nie. Dit was iets waarvoor hy van God afhanklik moes bly. Daar is net **Een perfekte**, net **Een Onafhanklike**, en dit is beslis nie die mens nie. Tragies dat die mens wat op ‘n punt kom waar hy voel dat hy onafhanklik is, en perfek geslaag het, dikwels die sin van die lewe verloor.

*9 Januarie* **Aftreejare**

***<u>Abimael:</u> God is my Vader.***

Is die lewe veronderstel om progressief gemakliker, geriefliker en aangenamer te word soos die jare verbygaan? Is so ‘n lewensverwagting realisties? Ons werk immers ‘n leeftyd lank om iewers in die toekoms op pensioen te gaan, op te hou werk, te doen net wat ons geniet, sorgeloos in die son te sit, sonder bekommernis, en soos die ryk dwaas vir jou siel te sê*: Rus siel, jy het vir jou baie goed bymekaar gemaak, geniet nou van alles ( Lukas 12:20).*

Die realiteit van die lewe is dikwels veel anders. Wanneer jy vir jou werkgewer nie meer veel werd is nie, en hy bereid is om jou te laat aftree, is daar gewoonlik ook nie meer veel van jou oor nie. Sommige afgetredenes het die krag om nog vir ‘n enkele jaar of vyf met ‘n karavaan, rond te swerf. Sommige werk hulle lam aan die instandhouding van ‘n strandhuis, sommige is ledig en verveeld besig om om die huis met beuselagtighede die tyd te probeer verwyl. Sommige kom agter dit is nou nie regtig so lekker om die hele dag net koerant te lees en televisie te kyk nie. Sommige mans is so verveeld dat hulle van hulle vrouens se huispligte probeer oorneem. Dikwels is die lewe sinloos en vervelig na aftrede. Die probleem met liggaamskragte wat afneem word vererger deur siektes. Dikwels is die aftreejare moeilike pynvolle jare. Soms word die enigste sin van die lewe om oor skete en probleme te gesels. Die realiteit van aftrede is dikwels ‘n moeilike tyd van finansiële oorlewing. Die gereelde jaarlikse verhogings kom nie meer nie.

Die handige bonusse het opgedroog. Inflasie vreet die aftreekapitaal op en dit raak al moeiliker om die ou lewensstandaarde te handhaaf. *In plaas van om vir jou siel te sê dat hy nou rustig al die sekuriteite wat jy geskep het moet geniet moet jy dikwels jou siel probeer troos met die gedagte dat dit nie meer lank is voordat die Here jou kom haal nie*. Pyn, ongemak, ongerief, lyding en bekommernis is dikwels die meer realistiese verwagting vir die laaste deel van jou lewe. Indien die Here jou besonderlik genadig is sal jy nie nodig hê om te sê dat jy *geen behae in die lewe meer oor het nie*.

Om die realiteit van sinlose lyding in die aftreejare mis te loop is dit nodig om by die eintlike Sin van die lewe uit te kom. 'n Sekere sanger stap tydens die sing van 'n lied tussen grafte deur en dan verpoos hy by grafstene met die groot vraag: *Waar is hierdie persoon nou? Is hy of sy in die hemel of in die hel?* Die groot Realiteit van die lewe gaan om hierdie een vraag: *Waarheen is jy oppad*? Waar gaan jy die ewigheid deurbring? Teen die agtergrond van die dringendheid van hierdie vraag is dit moontlik om die aftreejare baie sinvol te benut. Indien jy die ware Realiteit, die ware Sin ontdek, word ongemak, ongerief, lyding en pyn, in die aftreejare, sinvol. Dan weet jy dat Hy aan die stuur van jou lewe staan; dat alles wat met jou gebeur deur Hom toegelaat word, dat Hy met alles in jou lewe 'n plan het*, dat alles ten goede meewerk vir die wat lief is vir Here( Rom. 8:28).* Dan kan jy jou oudag sinvol deurbring, dan kan jy God dank vir elke stukkie lewensrealiteit wat Hy in jou lewe toelaat.

*10 Januarie* **Alles is perfek (1)**

***Abimeleg:* Vader is Koning.**

Jesus hang aan die kruis. In Sy sterwensoomblik word ‘n spies in Sy sy ingedruk. Bloed en water loop by die skeur uit. Die spiespunt moes naby aan ‘n ribbebeen ingesteek gewees het. Dalk is ‘n ribbebeen nog raakgesteek.

Daar was ook ‘n ander geleentheid toe daar sprake van ‘n ribbebeen was. Eva is uit ‘n ribbebeen van Adam gevorm. Het God ook Adam se sy deursteek om by die ribbebeen uit te kom soos Sy sy 4000 jaar later deursteek sou word op Golgota? Die ribbebeenmens, vrou van Adam, val in die sonde. Sy neem haar man en die totale menslike geslag, wat sou kom, met haar saam. Toe Jesus deursteek is, is die ribbebeenvrou en haar nageslagte ook deursteek. Dit is die mense wat glo dat hulle in Jesus se afsterwe en opstanding met Hom een geword het. Ook hulle het in daardie oomblik gesterf. Die ou sondige mens het hier ‘n geleentheid gekry om saam met Christus te sterf.

Die skeur in Jesus se sy laat ‘n mens ook aan ‘n ander skeur dink. Hierdie skeur het op dieselfde oomblik, toe Jesus se sy geskeur is, plaasgevind. Die voorhangsel tot die Allerheiligste, daar waar God gewoon het, in Sy tempel, het op daardie oomblik toe Jesus gesterf het, van bo na onder geskeur. Vrye toegang tot God, het hierdeur vir die mens moontlik geword. Die voorhangsel het nie meer die toegang gekeer nie. **Mens is met God versoen; alles het perfek geword.**

*11 Januarie* **Alles is perfek (2)**

***Abinoam:*** ***Vader is verhewe.***

Die skeur van die voorhangsel van die tempel is in sekere opsigte soos die skeur van ‘n maagdevlies by ‘n vrou. Die enigste geboorte waar die maagdevlies van ‘n vrou, deur die geboorte van haar kind, **van binne af** geskeur het, was met Jesus se geboorte. Jesus is uit die maagd Maria gebore. Die misterie van Jesus se geboorte deur die maagdevlies heen, laat ‘n mens in verwondering staan. Kan die mens in God se teenwoordigheid in gebore word, soos ‘n baba in die wêreld in gebore word? Het hierdie geboorte iets met die proses van wedergeboorte te make? Vorm die skeur van Jesus se sy deur ‘n swaard, die skeur van die voorhangsel in God se tempel, die skeur van die maagdevlies tydens Jesus se geboorte, en die mens se instap in God se teenwoordigheid in, een unieke gebeurtenis?

**Is dit wat perfek beteken?**

*12 Januarie* **Alles is perfek (3)**

***<u>Adonai:</u> My Here.***

Kan iets perfek wees sonder dat bloed vloei? Word perfekte verhoudings nie in die Bybel met bloed verseël nie? Dink in hierdie verband aan die volgende 5 bloedverbonde:

1. Die bloedverbond tussen God en Adam ( God maak klere van vel vir die mens. Hiervoor moes 'n dier geslag geword het).
2. die verbond tussen God en Abraham ( die besnydenis van die manlike kind)3
3. die verbond tussen Dawid en Jonathan (die bloedverbond tussen vriende).
4. Die smeer van die offerlam se bloed aan die kosyne van die deure om die eersgeborenes van Israel in Egipte te red. Dit is 'n heenwysing na die Offerlam van God, ons Jesus, wat vir ons sondes met Sy bloed sou betaal.
5. Die wonder van 'n bloedverbond is ook in die intieme verhouding tussen 'n man en vrou terug te vind tydens die eerste seksuele omgang na die huwelik. Die bloed van die eerste omgang verseël die verhouding tussen man en vrou.

Bloed is 'n integrale deel van die hele lewensproses van die mens. Reeds is daar bloed by sy geboorte. Wanneer Jesus sterf het dit met geweldige bloedverlies gepaardgegaan, toe Hy Hom vir ons sondes leeg gebloei het. Al die offers van die Ou Testament moes telkens met bloedverlies gepaard gaan

as ‘n heenwysing na die bloed van ons Offerlam, Jesus wat ons met sy bloed skoon gewas het van alle sondes. Tydens Nagmaal dink ons aan Jesus se bloed wat vir ons gestort is.

**Alles het waarlik perfek in Hom, in Sy bloedstorting vir ons, geword.**

*13 Januarie* **Alles net deur Hom (1)**

***<u>Abdeël:</u> Dienaar van God***

Word jy as Christen ook daagliks met uitdagings beproef? Seker een van die moeilikste uitdagings wat 'n Christen moet hanteer, is om te vergewe. Vergifnis is egter die hart van die Christelike geloof. Deur die genadige vergifnis van Jesus, word 'n mens gered en vrygespreek van sy sondes. Die voortgesette vergifnis deur Jesus word egter deur die mens se vergifnis van ander mense, wat hom benadeel het, beïnvloed. Indien 'n mens nie ander mense kan vergewe nie, kan die mens nie op Jesus se vergifnis vir homself staatmaak nie.

Die mens vind dit dikwels moeilik om te vergewe aangesien hy van nature op wraak en haat ingestel is. Die ou spreekwoord van '*n tand vir 'n tand,* pas eintlik beter by die ou ongeredde mens se natuurlike ingesteldheid, as om te vergewe. Dit is alleen wanneer die mens iets van Jesus se vergifnis, en die prys wat Hy moes betaal het vir jou vergifnis, begin verstaan, dat vergifnis, as opdrag aan jouself, begin sin maak.

Die groot vraag wat dikwels in hierdie verband gestel word is: Hoe gaan 'n mens dit regkry om jou medemens te vergewe? Indien jy die koerante deurblaai en jy sien wat aan mense gedoen word, ervaar jy baie selde die gevoel dat jy die moordenaars, verkragters en diewe wil vergewe. Hoe gaan jy dit regkry? Wanneer jy begin agterkom dat vergifnis nie maklik uit jouself gaan kom nie begin jy in die regte rigting beweeg, naamlik weg van jouself af, weg van jou eie

vermoëns af. Dan begin jy afhanklik van God word en begin daar die moontlikheid van vergifnis vir ander, in jou ontstaan.

*14 Januarie* **Alles net deur Hom (2)**

***Abia: My Vader is God.***

Voor jy verder lees oor vergifnis vir ander, sal dit nodig wees dat jy baie seker moet maak van jou eie vergifnis. Aanvaar jy regtig dat Jesus die volle prys vir al jou sondes betaal het? Aanvaar jy dat God, met Sy Seun se offer vir jou sondes, tevrede is. Glo jy dat Hy, God Almagtig, jou genadig is en jou vergewe ter wille van wat Sy Seun vir jou gedoen het?

Indien jy positief kan antwoord op hierdie vrae, kan die moontlikheid van vergifnis vir ander in jou lewe 'n werklikheid begin word.

Ons kan alleen **vergewe** indien ons bly glo dat Jesus ons vergewe het. Hierdie vergifnis van Jesus het die pad oopgemaak vir ons eie vergifnis. Ek kan alleen vergewe met die genade wat Jesus vir my het, in Sy vergifnis van my sonde.

Hierdie beginsel geld haas elke ander goeie ding wat Jesus vir my deur die inwoning van Sy Gees gee ( Gal. 5: 22 en 23) byvoorbeeld: Ek wil graag my medemens **liefhê** soos Hy dit van my verwag. Uit myself is daar nie liefde nie. Dit is alleen wanneer ek Sy liefde vir my aanvaar dat ek Sy liefde het om dit uit te deel aan ander. In Sy liefde kan ek dan ander liefhê.

Alleen in Sy **vrede** kan ek vrede vir myself vind en vrede vir ander bring.

Alleen in Sy **blydskap** oor my en my redding, kan ek bly wees en dit met ander deel.

Ek is **goedhartig** ingestel met **geduld** en **vriendelikheid** omdat Hy so geduldig, vriendelik en goedhartig teenoor my is.

In Sy **getrouheid** vind ek die getrouheid wat ek nodig het. Omdat Hy so getrou en betroubaar is kan ek iets daarvan in my eie lewe ervaar in my verhoudings met ander.

Wie is **nederiger** as Hy? Iets van Sy nederigheid kan in my neerslag vind.

Wanneer ek Sy **selfbeheersing** tydens Sy lewe op aarde, en veral tydens die lydensgebeure sien, weet ek, ek skiet ver te kort, maar Hy werk alreeds iets hiervan in my.( Gal. 5: 22 en verder)

Andrew Murray het met reg gesê; Die enigste goed wat in ‘n mens is, is die vermoë om God te kan ontvang. (Ontdek die Geesvervulde Lewe p.83)

**Uiteindelik sal alles wat goed is net deur Hom kom.**

*15 Januarie* **Argippus**

***<u>Abiel:</u> Vader is God.***

In Kol. 4:17 skryf Paulus aan Argippus. Argippus beteken *Master of the horse.* Indien jy ooit in die posisie was dat jy gevoel het dat jy die baas van 'n perd is, of 'n hond of wat ook al, dan is hierdie brief ook vir jou geskryf. Nou wat sê Paulus vir jou in hierdie gedeelte?

Het jy iewers in jou lewe gevoel dat die Here 'n sekere taak aan jou toevertrou het? Hy praat nou weer met jou oor daardie taak. Toe jy die taak destyds van Hom af aanvaar het, was die veronderstelling dat jy die taak sou voltooi het. Die Here is nou weer besig om met jou oor daardie taak te praat. Hy sê dat jy nou weer aandag aan daardie taak moet gee, sodat jy dit kan voltooi en kan afhandel. Dalk het die tyd min geword vir die voltooiing van die taak. Moenie langer uitstel nie.

*16 Januarie* **Arm**

***Adonia:*** ***My Vader is Jahwe.***

Jesus verwys na Jesaja 61: 1 en 2, sowel as Jesaja 58: 6 wanneer hy in Lukas 4: 18 hierdie gedeelte vir die mense in die sinagoge voorlees:

*Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die* ***armes*** *te verkondig.*

Dwarsdeur Jesus se bediening op die aarde het Hy baie meegevoel betoon aan die armes. Die armes, die weduwees, die wese, die hulpbehoewenes het altyd spesiale behandeling by Hom ontvang. In die saligsprekinge in Matt. 5: 3 begin Jesus die Bergpredikasie met die volgende woorde*: Salig is die wat* ***arm*** *van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* In Lukas 6: 20 word dit so gestel: *Geseënd is julle wat* ***arm*** *is, want aan julle behoort die koninkryk van God*. In Lukas 7: 13 staan hierdie aangrypende woorde: *Toe Hy naby die dorp kom, word daar 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma en sy was 'n* ***weduwee.*** *Toe Jesus haar sien het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: Moenie huil nie.*

Jesus was soms baie hard in Sy uitsprake oor die rykes soos in Matt. 19: 23:

*'n Ryk mens sal moeilik in die koninkryk van die hemel kom. Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.*

Daar is geweldig baie verwysings in die Bybel na **arm mense** en armoede en rykdom en ryk mense. Ons het hier enkele verwysings uitgelig. Wat kan 'n mens onder andere samevattend uit hierdie uitsprake ten opsigte van armwees leer?

*Die mens wat arm is, het gewoonlik aan die einde van sy eie selfvoorsiening gekom. Hy raak op ander aangewese. Hy is nie arrogant nie, hy is nederig, hy erken sy eie onvermoëns, hy is bereid om iets van ander te aanvaar en hy is gewoonlik dankbaar vir dit wat vir hom gegee word*. Hier het ons die beskrywing van hoe ons moet wees indien ons God se genade vir ons sondes wil ontvang; *jy moet jou onvermoë tot eie redding voor God erken, jy moet voor Hom kom verklaar dat Hy jou enigste hoop is, jy moet in nederige afhanklikheid voor hom buig, jy moet bereid wees om Sy genade te ontvang en te aanvaar en jy moet dankbaar wees teenoor Hom wat alles vir jou redding voorsien.* Met ander woorde; jy moet jou geestelike armoede voor Hom erken. Stel hierteenoor die rykes van Openbaring 3: 17 wat verklaar: *Ons is ryk, skatryk en ons het niks meer nodig nie*. Hoe kan so 'n ryk mens iets ontvang? Die tragiese is dat die meeste mense se lewens so is, en dat hulle lewens wentel om die behoefte om te kan sê: *Ek is nou onafhanklik, ek kan nou my eie ding doen, ek hoef vir niemand iets te vra nie, ek het niemand anders nodig nie, ek kom self reg dankie.* Daarom dat so baie mense so hartstogtelik verlang na die dag wat hulle op pensioen kan gaan

Die Here laat soms toe dat ons arm, siek, beklaenswaardig en afhanklik word, juis om Sy groot genade aan ons te kan uitdeel wanneer ons dan in afhanklikheid

na Hom moet opsien. Alleen die mens wat **arm** en leeg binne in homself word kan in die leë, hol ruimte die Here se genade ontvang. Die ryke vol van homself het net nie daardie holte, daardie ruimte, binne in homself om God se groot geskenke te ontvang nie.

In Psalm 16: staan hierdie woorde opgeteken:

*5. Hy (Die Here) is die grootste geskenk wat ek nog ooit gekry het.*

*6. U het die mooiste dinge in die lewe vir my gegee.*

*11. U gee altyd vir U kinders die heel beste.*

*Hulle kry die heel mooiste wat die lewe aanbied.*

*17 Januarie* **Armoede**

***<u>Ahasbai:</u> Ek soek beskerming by die Here.***

Wanneer is ‘n mens arm? Voel dit soms vir jou of jy arm is?

‘n Huisbediende in Suid Afrika, wie die minimum loon ontvang, sal ‘n hoër inkomste as 75% van die wêreldbevolking verdien. Met ander woorde sy is een van die 25% top verdieners in die wêreld.

Indien jy ‘n ouderdomspensioen van die staat ontvang (R1450 per maand - 2015) is jy een van die top 30% rykste mense op aarde.

Die skoonmakers by die Universiteit van Pretoria, wat vir R10, 000 ‘n maand agiteer en op die oomblik staak (Febr. 2016), verlang ‘n inkomste wat beter as 97% van die wêreldbevolking sal wees. Dit sal hulle in die top 3% van die wêreldbevolking plaas. (Inligting verkry vanaf Global Rich. Com)

**So wanneer is ‘n mens arm?**

Gestel ‘n mens kan ‘n brood, ‘n koolkop en ‘n stukkie polonie op ‘n dag vir jou en jou gesin koop en dit kos R25 per dag, is jy dan arm? Waar plaas dit jou ten opsigte van die inkomste van die wêreldbevolking? Dan verdien jy dieselfde wat die gemiddelde persoon in die wêreld verdien- R6250 per jaar. Is die wat arm is dalk die mense wat niks verdien nie, mense wat werkloos is? Is dit wanneer armoede regtig inskop?

**Kom ons tel ons seëninge en nie ons geld nie.**

*18 Januarie* **Arrogansie**

***Ahasia:* Jahwe hou vas.**

Die uiterste vorm van arrogansie is seker om ander mense nie te wil vergewe nie. Kom ons kyk wat is die wesentlike agter die onvermoë om te vergewe.

1. Om te weier om te vergewe beteken dat jy **jouself die reg aanmatig om te oordeel.** Jy is aanklaer en terselfdertyd sommer regter ook. Ons word uitdruklik in die Woord gewaarsku om nie oor ander te oordeel en ander te veroordeel nie. Dit is net nie ons terrein nie. *Ons moet vergewe soos ons vergewe word* (Mat. 6: 14 en 15).
2. **Dikwels is jy self skuldig** aan die dinge wat jy so moeilik vind om by ander te vergewe. Dink maar net aan die vloeke wat op oortreders van padreëls uitgespreek word. Dikwels was die een wat weier om die oortreder te vergewe aan dieselfde oortredings skuldig gewees. Wie het nog nie verkeersreëls oortree nie?
3. Wanneer jy jouself die reg aanmatig om te veroordeel en nie te vergewe nie **speel jy god.** Om die waarheid te sê jy is besig om 'n mosie van wantroue in God te stel. Dit is asof jy God nie vertrou om regverdig te oordeel oor die persoon nie. Nee, jy sal sommer gou God se werk vir Hom doen. Eintlik dui jy met jou onvergewensgesindheid aan dat jy dink God sal die oortreder nie genoegsaam straf nie. Jy sal sommer help om die oortreder se straf bietjie swaarder te maak. Dalk gaan God die persoon nie

lank genoeg straf nie en daarom sal jy sommer vir lang tydperke jou grief teen die persoon hou.

4. Om nie te vergewe nie dui op **liefdeloosheid**. Sou jy nie dalk in die ander persoon se posisie graag wou gehad het dat iemand vergifnis moet betoon nie? Het Jesus se groot liefde vir ons Hom nie juis gedring om ons te vergewe nie. Dink maar aan Jesus op die kruis waar Hy vir die wat Hom gekruisig het, bid en vra dat God hulle moet vergewe ( Lukas 23:34).
5. Om nie te vergewe nie dui op **dubbele standaarde**. Jy vra dat God jou oortredings moet vergewe, maar jy wil nie hê dat die ander persoon wat teenoor jou oortree vergewe moet word nie. Hoe kan jy dan bid: Vergewe my skulde soos ek my skuldenaars vergewe? (Matt. 6:9).
6. Om nie te vergewe nie dui op **selfsug, selfhandhawing en 'n onvermoë om die self te verloën.** Jy is so belangrik dat die een wat dit durf waag om teen jou te oortree totaal verguis moet word, sonder genade.
7. Om nie te vergewe nie maak jou **ongehoorsaam** aan God se gebod en dit wat Hy van jou verlang. Jy lyk net nie soos Christus indien jy wrokkig voortlewe nie.
8. Om nie te vergewe nie is **dom.** Hoe kan jy jou hoop op die ewige lewe op die spel plaas? Is jy bereid om die ewige hel tegemoet te gaan omdat jy nie 'n ander persoon wil vergewe nie?
9. Onvergewensgesindheid word dikwels **uit die verlede gevoed**. Onregte uit die verlede is die teelaarde vir die onvermoë om dit wat nou gebeur te

vergeet en te vergewe. ‘n Beheptheid met onregte uit die verlede, hou onvergewensgesindheid aan die lewe.

10. **Jesus waarsku ons** teen kritiek en oordeel oor ander (Mat. 7:1). Kritiek kan maklik slegs ‘n verbloemde onvermoë wees om te vergewe. Die mens glo dikwels dit is nie heeltemal so erg om te kritiseer as wat dit is om nie te vergewe nie. In wese is daar by die kern van albei min verskil.
11. Samevatttend wil dit lyk of die een wat nie wil vergewe nie, werklik arrogant is.

*19 Januarie* **Asem**

***<u>Ahia:</u> Die Here is my Broer.***

In die *Amplified Bible* staan Genesis 2: 7 soos volg opgeteken:

*The Lord God formed man from the dust of the ground and breathed into his nostrils the breath or spirit of life and man became a living being.*

God het dus die eerste mens gemaak uit die stof van die aarde. Interessant genoeg het die wetenskaplikes onlangs hierdie waarheid bevestig. *Daar is bepaal dat die menslike liggaam en die dierlike liggaam dieselfde essensiële chemiese elemente bevat, as wat in grond voorkom.*

God het egter ook asem of *spirit of life* in die mens ingeblaas. Elke keer as daar lewe ontstaan moet daar eers asem gehaal word. Die baba wat gebore word moet eers sy eerste asemteug neem voordat hy kan begin lewe. Die *Spirit of life* is dus die een ding wat die mens werklik laat begin lewe. Dalk is dit so dat die *Spirit of life*, waarvan die Amplified Bible praat, dui op 'n inasem van God se Gees, Wie lewe gee, in die mens. In hierdie opsig het die mens dan iets van God se beeld in hom ontvang. So is die mens goed, sonder sonde geskape en het die Gees van God in hom gewoon. Hy het geestelik soos God gelyk.

Die mens is voor sy geboorte, in sy moeder, in water beskerm. Wanneer die moeder se water breek word die baba deur die water heen gebore. Hy begin, soos reeds genoem, lewe wanneer hy na sy geboorte begin asemhaal. Die mens sterf

wanneer hy sy laaste asem uitblaas. Die doop van die mens beeld hierdie proses van lewe en dood uit ( Rom.6:4 en 5). Eers moet die mens ophou asemhaal. Dit gebeur simbolies wanneer hy onder die water ingedompel word. Hier kan hy nie asem haal nie. Hier sterf hy in ‘n sekere mate, voordat hy deur die water in ‘n nuwe lewe in gebore word. Wanneer hy die eerste keer asemhaal wanneer hy uit die water opkom, is dit soos wanneer God die eerste keer in hom die asem van die lewe geblaas het, toe hy fisies gebore is.  Na die gelowige se opkom uit die doopwater, is dit egter die asem van die ewige lewe wat in hy inasem. Hy word weer gebore, hierdie keer geestelik. So ontvang die mens die Gees van God in hom. Die mens is dan oorgemaak, hy is as nuwe mens, weer gebore, en hy het die asem van die Ewige Lewe, God se Gees, die Ruach, die wind, in homself ontvang. Dan is die beeld van God weer in hom herstel.

Andrew Murray sê in *Ontdek die Geesvervulde Lewe* (bladsy 83*):  die enigste goed wat in die mens is, is die vermoë om God te ontvang.*

Wanneer die mens weer gebore word wanneer hy uit die water opkom word hierdie *een goeie eienskap van die mens* in werking gestel en ontvang hy God in homself. Dan  is die plan van God met die mens herstel. *Kyk alles het nuut geword* (2 Kor. 5: 17). Die nuwe plan van God met die mens se oormaking laat geen ruimte vir mislukking nie. Jesus se offer as boetedoening vir die mens se sonde, is ‘n volkome, volmaakte offer wat vir ons sondes gebring is. Solank die mens in geloof aan hierdie waarheid verbonde bly, bly hy lewe en haal sy siel asem.

*20 Januarie* **Toring van Babel 2014 (1)**

***<u>Amarja:</u> Die Here het gepraat.***

Die aangrypende geskiedenis van die Toring van Babel, is besig om homself in 2014 te herhaal. Interessante opmerkings kom voor in *die Bybel in Praktyk* ten opsigte van hierdie gedeelte in Genesis 11: 1 tot 10 waar die geskiedenis van die Toring van Babel vir ons opgeteken is. Kom ons kyk na enkele van hierdie opmerkings op bladsy 29.

*1. In die tyd van die Toring van Babel, is geglo dat die gode op bergtoppe woon. Maar in die vlakte tussen die Tigris en die Eufraat is daar nie berge nie. Gevolglik het die mense toe vir hulle self hoogtes gebou in die vorm van die ziggoerats wat as plaasvervangers vir die berge moes dien. Die ziggoerats het trapsgewys hoër geneig tot dit geëindig het in 'n enkele kamer van aanbidding tussen hemel en aarde. Die ziggoerats kon tot 30 verdiepings hoog gewees het.*

*2. Die doel van die Toring van Babel was om 'n naam vir die mense te maak deurdat die punt van die toring tot by die hemel sou reik. Die term om tot die hemel te reik dui op die mens se ambisie om met die hemel te wedywer. Om 'n naam te maak dui op hoogmoed en aanmatiging. Dit verraai die oersonde om soos God te wil wees.*

*3. Die woorde:* ***Hierna sal niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie****, ontbloot die opstand van die mens op sy beste: hulle wil deurdring na die terrein van God.*

*4. Die toring van Babel verteenwoordig die toppunt van tegnologiese ontwikkeling wat reeds deur die nageslag van Kaïn begin is. Die probleem is egter dat hierdie ontwikkelings gepaard gegaan het met 'n ambisie sonder God, ja eintlik teenoor God. Die verhaal is 'n ernstige waarskuwing dat ontwikkeling wat ambisie in die plek van God stel, niks anders as selfverheffing is nie en tot vernedering en verwarring lei..*

Wanneer hierdie opmerkings ten opsigte van gebeure wat duisende jare gelede plaasgevind het, ontleed word staan die volgende frases uit:

1. die mens bou vir homself **hoogtes.**

2. **Om tot die hemel te reik** dui op die mens se ambisie om met die hemel te wedywer.

3. **Om 'n naam te maak** dui hoogmoed en aanmatiging aan. Dit verraai die oersonde om soos God te wil wees.

4. Hierna sal **niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie**, ontbloot die opstand van die mens op sy beste: hulle wil deurdring na die terrein van God.

5. **Die mens probeer God self na die kroon steek**.

6. Die toppunt van **Tegnologiese ontwikkeling.**

7. Die probleem is dat hierdie ontwikkelings gepaard gegaan het met '**n ambisie sonder God**, ja eintlik teen God.

8. Die verhaal is 'n ernstige waarskuwing dat ontwikkeling wat ambisie in die plek van God stel niks anders as **selfverheffing** is nie.

9. **Ambisie** kan mense dryf tot die oorskryding van hulle perke

21 *Januarie* **Toring van Babel 2014 (2)**

***<u>Amasai:</u> Die Here het gedra.***

Die nege opmerkings by *Toring van Babel 2014(1),* kon net sowel van die mens van 2014 geskryf gewees het.

**Ons bou vir ons hoogtes en reik na die hemel**. Ons reik nie net nie na die hemel nie maar stuur ruimtetuie en mense die hemele in.

Nog nooit was die mens seker so **aanmatigend en hoogmoedig** soos vandag nie. Die mens wil vandag nie net soos God wees nie maar glo dikwels dat hulle beter as God is (Die mens voel hy het redding nie nodig nie want hy glo nie in sonde en hel nie). Hy voel hy weet beter as God.( God is maar baie outyds vir baie moderne geleerdes). Die mens ag sy eie moraliteit hoër as dit wat God voorstaan ( Homoseksualiteit is vir die mens reg en saamwoon is die moderne plan vir die gesin). Die mens dink hy is slimmer as God (Baie moderne wetenskaplikes sien neer op mense wat die eenvoud van die Skeppingsgeskiedenis aanvaar. Indien jy nie met Evolusie saamstem nie word in die wetenskaplike wandelgange vir jou gelag). Die moderne mens glo maar min wat in die Bybel staan en skryf sommer sy eie boeke waarin sy saligheidsteologie uiteengesit word. Selfhelpboeke sonder God se hulp, is seker van die gewildste boeke wat vandag deur mense gelees word.

**Die oersonde om soos God te wil wees,** definieer die wesentlike van die moderne mens se bestaan. Die mens het eintlik veel verder as dit beweeg. Hy beskou God as so onbelangrik dat God nie meer in sy leefwêreld figureer nie. Nee, hy kom maklik sonder God klaar en glo nie eintlik meer dat daar 'n God is nie. Die mens het sy eie god geword.

Ons het sekerlik vandag **die toppunt van tegnologiese ontwikkeling** bereik, soos die mens van die oertyd en dan gaan hierdie ontwikkeling gepaard met ambisie, sonder God, ja dikwels teen God.

Nog nooit was die mens so **selfversekerd,** so vol van homself, so selfgeaktualiseerd, so op sy eie welvaart ingestel as vandag nie. Ambisie het in die plek van God kom staan.

Daar is perke deur God ingestel vir die mens. Soos God ingegryp het in die ambisies van die oermense by die Toring van Babel, toe hulle hulle perke oorskry het, sal Hy dit weer binnekort doen. Die mens glo dat hy tegnologies so ontwikkel het dat daar vandag mense gebore word wat 120 jaar oud sal word. Sommiges glo dat 'n ouderdom van 1000 in die toekoms haalbaar sal wees. Al meer word die tegnologiese wetenskap van die mens vermeng met dit wat God gemaak het. So word neurologiese prosesse reeds met elektronika en rekenaars vermeng om die mens se ambisies om self God te kan wees, te bevredig. Met stamseloorplantings, kunsmatige bevrugtings, vervanging van organe deur selgroei, en vele meer

biotegnologiese ontwikkelings het die mens die toppunt van die Toring van Babel bereik.

So baie kenners van die Eskatologie waarsku ons dat die koms van die Here baie naby is.  Indien na die moderne Torings van Babel gekyk word, wat soos paddastoele opskiet, kan ‘n gelowige nie anders as om te verwag dat God binnekort in Sy skepping gaan ingryp nie.

*22 Januarie* **Arm (2)**

***<u>Amasia:</u> Die Here is sterk.***

Daar word in die Bybel meer as 100 keer na *arm* en *armoede* verwys. Na *rykdom en geld* word daar egter nog baie meer verwys. Ons gaan ons hier net tot armwees beperk. Jesus dui ‘n besondere deernis vir arm mense aan. Dink in hierdie verband aan die arm weduwee wat net die ou klein geldstukkie na die tempel toe gebring het, en hoeveel waardering Jesus daarvoor gehad het. Hy het soveel waardering gehad dat die ou naamlose vroutjie selfs in die Bybel vermeld word (Markus 12:42). In die *Boek Spreuke* word daar bykans 30 keer na armoede verwys. Die vraag ontstaan waarom armoede so prominent in die Bybel voorkom.

Om arm te wees beteken gewoonlik dat die persoon wat arm is baie min of te min aardse hulpmiddele het, waarop hy moet oorleef. So ‘n persoon is gewoonlik afhanklik van andere om te oorleef. So ‘n persoon het gewoonlik min om op te roem, is nederig en afhanklik en is gewoonlik dankbaar vir dit wat ontvang word. Om te oorleef moet hy ook bereid wees om te aanvaar wat vir hom aangebied word. Die mens se natuurlike neiging is om van al hierdie dinge af weg te vlug. Die mens wil juis selfversorgend wees, hy wil onafhanklik wees, hy wil graag roem op wat hy bereik het en wat hy besit (Sy ekstensiteite soos motors en huis en klere moet dit dan ook vir ander wys). Onafhanklike persone is dikwels ook ondankbaar want hulle siening is dat dit wat hulle het, hulle self voor gewerk het. Die mens se natuurlike neiging is om nie maklik iets van iemand anders te aanvaar

nie. Sy selfgenoegsame trots maak dit moeilik om deur die aanvaarding van iets homself in ‘n mindere posisie teenoor die ander persoon te plaas.

Uit hierdie bespreking is dit nou duidelik waarom Jesus soveel deernis vir arm mense het. Die ingesteldheid van die ryke maak dit vir die ryke bykans onmoontlik om gered te word. Jesus het nie verniet gesê dat *dit vir ‘n kameel makliker is om deur die oog van ‘n naald te gaan as wat dit vir ‘n ryke is om in die hemel te kom* (Mat.19: 23). Al die dinge wat so natuurlik kom vir die ryk mens en waarna hy so maklik aspireer, is gewoonlik juis die dinge wat die mens uit die hemel hou. Hierteenoor is die dinge wat die arm mens tipeer, juis die dinge wat dit vir die mens moontlik maak om gered te word. So is dit vir die mens wat gered wil word nodig om sy geestelike armoede te erken. Dink in hierdie verband aan die saligsprekinge in Matteus 5:3, waar Jesus sê *dat die mens wat weet hoe afhanklik hy van God is besonder geseënd is.* Die persoon wat sy geestelike bankrotskap en afhanklikheid van redding voor God erken, kom in die regte gesindheid na God toe. Hy kom in nederigheid voor God. Hy het ook die vermoë om sy hande uit te steek en te ontvang wat vir hom aangebied word naamlik sy redding en vergifnis van sonde.

Jesus het baie deernis vir die arm mens openbaar . Dalk is Jesus juis so lief vir arm mense omdat Hyself ook arm moes word tydens Sy aardse bestaan. In 2 Kor.8:9 staan:

*Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy terwille van julle arm geword, sodat julle deur Sy armoede ryk kon word.*

God verwag van ons om na ‘n arm mens om te sien. In Spreuke 19: 17 staan hierdie woorde opgeteken:

*Wie hom oor ‘n arm mens ontferm, gee ‘n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.*

Die mens word dikwels deur God se Woord voor die keuse gestel om of God of Mammon te dien (Mat.6: 24). Die mens moet besluit wat hy wil doen: Is hy bereid om homself te verloën en God te dien of wil hy homself beloon en Mammon dien?

*23 Januarie* **Bandiet (1)** *( Miskien jy?)*

***<u>Ammiël:</u> Ek is verwant aan God.***

Ek hou van lees, studeer en om dinge te bedink. Ek het goeie kwalifikasies. Ek is ingelig en luister nuus, kyk nuusprogramme op televisie en lees koerante. Ek stel belang in Geskiedenis en in Teologie. So bestudeer ek ook graag onder andere my kerk se belydenisskrifte. Wat my kerk sê van doop, doopbeloftes, die wet, die geloofsbelydenis, wonderwerke, Openbaring en belydenisskrifte aanvaar en glo ek. Ek het volle vertroue in my predikant. Hy het immers lange jare hierdie dinge bestudeer en behoort te weet wat waar en wat vals is**. Is ek dalk te midde van al hierdie kennis en ingeligtheid, nog geestelik onkundig?** Jesus het mos gesê dat die waarheid ten opsigte van redding verborge sal wees vir die wysgeer, die skrifgeleerde en die Fariseër. Hy sal dit aan die eenvoudiges en die kindertjies openbaar (1 Kor. 1: 19-27). Het al my wysheid my afgestomp, ingeperk, gevange gehou ten opsigte van wat waarlik nodig is om geweet te word, vir redding?

Het ek so 'n bandiet geword? Is ek vasgevang in denkraamwerke van ander persone? Het denke en dogmas van ander soos tronkmure geword wat my gedagtes inperk? Wat nie binne in hierdie boksies van ander se denkraamwerke inpas nie, mag dan nie vir my waarheid word nie. Maak nie saak dat die kerkvaders foute gemaak het en ons so soms verkeerd geleer het nie. Het tradisies bygedra om die tronkmure om my hoër te bou? Rig dit my en bepaal dit hoe ek na dinge kyk. Mag dit wees dat ek soos volg begin dink het: *Man (Not God) said*

*it, I believe it, and that settles it?* Dikwels word die wesentlike van dit wat belangrik is vir die mens se redding so deur die intellektualisme van sy tyd oorspoel dat die wesentlike onherkenbaar raak. Dit is geen wonder dat Jesus gesê het *dat God dit wat belangrik is, vir die wyses en wysgere verberg het en dit aan die eenvoudiges openbaar het* ( 1 Kor. 1:26) . Dit is dalk ook die rede waarom Hy hoofsaaklik eenvoudige mense vir Sy dissipels gebruik het, mense wat totaal onkundig was ten opsigte van Teologie, om so Sy ewige waarhede aan die mensdom bekend te maak.

*24 Januarie* **Bandiet (2)**

***Anaja:* *Die Here hoor.***

Nog tronkmure om my is dit wat die koerante en televisie besluit het nuuswaardig vir my is. Iewers is daar ‘n mistieke persoon wat besluit wat ek moet hoor en sien. Maar ek het al so gewoond hieraan geraak, dat ek begin dink het dit is hoe dit moet wees. Tog het ek ook geleer dat die tronkmure, van ander se siening van sake, nooit my eie denke moet inperk nie.

Die tragiese van my verhaal is dat ek dit eintlik goed bedoel met my sug na kennis en insig. Ek wil graag agter die waarheid kom. Ek wil weet en verstaan want dit laat my voel ek is in beheer. Ek wil nie afhanklik en oningelig, soos ‘n kind, wees nie. Ek kies om my kinderlikheid te verloor. Daarom sal ek eerder hoop, vertroue en redding verloor as my kennis.

Hoe meer ek leer hoe meer word ek die slaaf van ander se denke en hoe meer word ek ingesluit in die tronk van beperkte denke. Elke keer wanneer ek ‘n hoër graad verwerf weet ek meer van al hoe minder en hoe meer verloor ek die groter beeld, van dit wat eintlik aan die gebeur is. Miskien sal ek, indien ek so voortgaan, op die ou einde alles van niks weet. In die detail van my kennis raak dit al hoe moeiliker om geheel raak te sien. **Ek maak maar die fatale denkfout om te dink dat ek deur my meerdere kennis van detail groter insig in die geheel sal kry**.

Tronkmure is vir hierdie bandiet verslawend. Ek kan nie sonder my koerant, televisienuus, my radiokommentaar lewe nie. Dit voed my soos brood ‘n honger mens. Ek kan nie sonder die adrenalienpomp van haat en nyd en woede en pessimisme, wat deur die media by my opgewek word nie, leef nie.

Ek voel gewoonlik maar onvergenoegd met dit wat ek weet. Daarom soek ek altyd meer en meer kennis. Eintlik dink ek soek ek onbewustelik na die deur uit hierdie tronk van ingeperkte denke, uit. Soms wonder ek of dit so eenvoudig kan wees dat ‘n kind hierdie vryheid kan hê. Wie is ‘n kind nou eintlik? Is ‘n kind nie maar dom, nederig, afhanklik, onkundig en vertrouend nie? Eintlik alles wat ek nie is nie en alles waarvan ek probeer wegkom. Ek dink ek gaan ‘n tou oor my tronkmuur probeer gooi. Miskien ‘n rooi tou. Miskien sal Iemand my genadig wees en my saggies in ‘n mandjie laat afsak

*25 Januarie* **Bang**

***<u>Ananias:</u> Die Here is genadig.***

Gestel jy lees die volgende opskrif:

*Temperature gaan verder styg; vermoedelik nog tot soveel as 15 grade.*

Jy kry reeds swaar met die huidige hittegolf en weet dat jy nie ‘n temperatuurstyging van 15 grade sal kan hanteer nie.

Jou eerste reaksie sal wees om meer te wil weet van die bedreigende situasie. Jy sal die nuusberig lees en vermoedelik agterkom dat daar ‘n drukfout was en dat die temperatuur tot 1, 5 grade gaan styg.

Die normale menslike reaksie op ’n bedreigende situasie is om meer te wil weet van die situasie. Op hierdie eenvoudige beginsel is die meeste nuusmedia se voortbestaan gebou; met ander woorde probeer vrees en onsekerheid by die leser skep. Vrees en onsekerheid sal maak dat die mense sal meer wil weet van die situasie. So sal die mense dan die koerant of tydskskrif koop of weer inskakel vir meer inligting. Waarom is dit so dat hoe meer vreesagtig ‘n mens word hoe meer wil die mens van die oorsaak van die vrees te wete kom? Kom die mens se innerlike selfgesprek daarop neer dat die mens voel dat hoe meer hy weet van die bedreiging af, hoe meer sal hy in staat wees om homself te beveilig teen die gevaar? Gee kennis dan ‘n gevoel van sekuriteit, van te voel dat ek in beheer is en nie uitgelewer is aan my omstandighede nie? In die moeilike en onseker tye

waarin ons leef word die sug na kennis geweldig gestimuleer. Almal wil weet wat die nuutste nuus is ten opsigte van die regering se besluite, hoe die swak wêreldekonomie jou gaan raak, wat die uiteinde van die droogte gaan wees, hoe vêr die Rand nog gaan verswak, hoeveel moordenaars en diewe na ‘n kort vonnis op die mensdom vrygelaat gaan word ens.

Vrees is in die eerste plek die gevolg van sonde. Net na Adam en Eva in sonde geval het, het hulle vrees begin ervaar. Hulle het vir God bang geword en het gaan wegkruip vir God (Gen. 3:10). Vrees ondermyn ‘n mens se geloof en vertroue in God. Vrees is eintlik ‘n teken van verlies van vertroue in God. **Wanneer die mens vrees, sê hy eintlik indirek dat hy nie dink dat God hom uit die situasie kan red, of hom daardeur kan dra nie**. Daarom moet hy maar self ‘n plan maak en so kundig as moontlik ten opsigte van die bedreiging raak. Satan weet dat hoe meer hy jou kan laat vrees hoe moeiliker sal dit vir jou wees om op God te vertrou. Vrees blus jou geloof uit. Jou geloof in die bedreigende krag van die objek van vrees word groter as jou geloof en vertroue in die beskermende en uitreddende krag van die Here. In hierdie verband is daar ‘n aangrypende gedeelte in Jer. 15:19 (Amplified Bible).

*If you give up this mistaken tone of distrust and despair, then I will again give you a settled place of quiet and safety, and you will be My minister.*

*If you cleanse your heart from unworthy and unwarranted suspicions concerning God`s faithfulness, you shall be My mouthpiece.*

Hou jou oë op Jesus wanneer die probleme kom en nie op die nuusblaaie en die TV skerm nie (Hebr. 12:3). Toe Petrus op die water geloop het, het alles goed gegaan solank sy oë op Jesus was. Dit was net toe hy kennis geneem het van die bedreigende omstandighede en meer daarvan te wete gekom het, dat sy geloof getaan het en hy begin sink het.

Kyk deur God se bril en nie deur jou bril van vrees en ongeloof nie.

*26 Januarie* **Beheer**

***<u>Asahel:</u> God het gemaak.***

Vir die kind van God is dit 'n uitgemaakte saak dat die Here in hom woon. Die ou mens het afgesterf. In Jesus het 'n nuwe mens opgestaan. Die nuwe mens leef nou onder beheer van die Heilige Gees. Daarom word daar in Gal. 5 op verskillende maniere die beheer van die Heilige Gees, in die gelowige se lewe benadruk. Driekeer gaan dit in hierdie gedeelte om die woordjie **Laat. Laat** die Heilige Gees toe om jou te lei. **Laat** die Heilige Gees toe om jou te beheer. **Laat** die Heilige Gees jou lewe bestuur.

Die gelowige mens kan aanvaar dat God in beheer van sy lewe is en na sy versoeke luister. Soos enige goeie vader sal God dan ook vir Sy kind gee wat Hy weet die beste is. Dit mag beteken dat God soms *Ja,* sal sê wanneer ons Hom vir iets vra. Soms sal Hy *Nee* sê, soms sal hy sê: *Ja, maar nie nou nie*. Soms sal Hy sê: *Ja, maar nie heeltemal soos jy dit vra nie.*

Dit mag wees dat God juis vir ons aardse vaders gegee het om ons iets van Hom as Hemelse Vader te laat verstaan. Gestel ons het net moeders gehad en daar was nie 'n konsep soos 'n aardse vader nie. Sou dit in so 'n geval nie baie moeilik gewees het om God as Vader te ken en te verstaan nie?

Indien God ons lewens beheer, is daar 'n paar implikasies waarvan kennis geneem moet word. Kom ons kyk na enkeles hiervan:

1. Hy beheer jou lewe. Hy woon in jou. *Hy maak jou gewillig en bekwaam om Sy wil uit te voer (Hebr. 13:21).* Dit beteken dan dat jy niks van Hom kan vra wat nie volgens Sy wil is nie. Jy en **jou wil is gekruisig.**

2. ‘n Kind van God moet in ‘n verhouding met God leef waarin Hy God volkome **vertrou**.

3. Indien God alles in ons lewens beheer moet ons in alles **dankbaar** teenoor Hom wees. Dit beteken dat ons Hom ook sal dank vir dinge wat vir ons nie aangenaam is nie, en dinge wat nie volgens ons wil verloop nie.

4. Geloof in God kan net gebaseer wees op **wat Hy wil.** Ons kan nie God manipuleer om ons wil uit te voer nie. Dit mag beteken dat ons soms sal ly omdat Hy alles ten goede laat meewerk, ook lyding.

5. Om beheer aan God oor te gee, berus op die wete dat **God my Vader** is en dat Hy my **liefhet.** Ek sal nie top oor die moontlikheid dat Hy nie in beheer is nie.

6. God se beheer maak ‘n mens **rustig** in die wete dat Hy die beste weet vir ons en die beste vir ons doen.

Die natuurlike mens se lewe is daarop gefokus om  self in beheer te wees. Hieruit spruit ontsettende verantwoordelikhede, wat spanning meebring en wat mense emosioneel verwoes. Die spanning van self te beheer, self te bestuur, self te kies en self die verantwoordelikhede te dra brand die natuurlike mens uit.

Hierteenoor kan ons wat aan Christus behoort in Sy beheer en bestuur rus en berus.

*27 Januarie* **Blinde Pastoor**

***<u>Bet-El:</u> Huis van God.***

Ai, blinde pastoor, ons geniet jou so. Jou opregtheid staan uit. Jou lewensvreugde bly vir ons ‘n inspirasie. Dankie dat jy dit wat God aan jou toevertrou het, so getrou met ons deel.

Ek wens jy kon sien, al is dit net nog eenmaal. Ek wens jy kon sien hoe jou vrou na jou kyk. Jy weet hoe lief sy vir jou is. Ek wil jou die versekering gee dat geen ander mens, wat sien hoe sy na jou kyk, ooit aan haar liefde vir jou sal twyfel nie.

Moontlik het jy ook al vir God gevra om jou sig te herstel. Moontlik het jy ook al gewonder waarom God nie jou gebed verhoor nie. In my lewe het ek geleer dat daar ‘n paar maniere is waarop God op ons versoeke reageer:

1. Soms sê Hy **ja**, en dit wat ons vra word dadelik vir ons gegee.
2. Soms sê Hy **ja**, maar daar word later aan ons versoek voldoen.
3. Soms sê Hy **ja**, maar daar word op ‘n ander manier, as wat ons gevra het, aan ons versoek voldoen.
4. Soms sê Hy **nee,** omdat Hy weet dat dit wat ons vra nie vir ons goed sal wees nie.
5. Soms sê Hy **nee**, op ons versoek, maar omdat ons so aanhou, gee Hy maar vir ons wat ons vra, al weet Hy dat die gevolge nie goed vir ons gaan wees nie.

Net so ‘n klein opmerkinkie oor die laaste moontlikheid. Koning Hiskia het ‘n bykans perfekte lewe voor God gelewe. Nadat God aan hom bekend maak dat hy gaan sterf, smeek hy God dat sy lewe verleng moet word. God weet egter dat dit beter is dat Hiskia dadelik moet sterf, aan die einde van ‘n vlekkelose lewe. Hy weet presies wat gaan gebeur. Nietemin voldoen Hy aan Hiskia se smeekbede en laat Hy Hiskia gesond word. Hierna word Hiskia arrogant en vol van homself. Hy wou vol vertoon lewe en so verwoes hy ‘n mooi vlekkelose lewe voor God. Hiskia word ook die vader van Manasse, in sy verlengde lewe. Hierdie seun sou nooit gebore gewees het indien Hiskia op God se bestemde tyd gesterf het nie. Manasse was seker die swakste, goddeloosste koning wat Israel ooit gehad het en het God se saak eindelose skade berokken.

Geagte pastoor, ons weet nie wat in jou lewe sou gebeur het indien God jou gesig herstel het nie. Wat ons wel weet is dat jy nou in Sy wil is. Dalk sou jou lewe as siende persoon nooit dieselfde impak op ander mense se lewens gehad het nie. Miskien moet ons nie God se arm probeer draai nie. Dalk laat Hy jou dinge in jou Geestesoog sien wat jy nooit sou gesien het, indien jy nie blind geword het nie.

*28 Januarie* **Bloed en Grond**

***<u>Betuel: </u>Man van God.***

Jesus se bloed het gevloei vanaf die oomblik toe die eerste druppels bloed deur Sy sweetporiëe, in Getsemane, gepers het. (Lukas 22: 44) Sy bloed het gevloei totdat hy Sy laaste asem op Golgota uitgeblaas het. Telkens langs die lydensweg het Sy bloed die aarde deurdrenk.

In die Tuin van Getsemane het Jesus die bloeiende oor van die persoon wie se oor afgekap is, herstel. (Mat. 26:51) Jesus se laaste wonderwerk op die aarde is gebêre vir 'n onbenullige slaaf, om so geloof wat lewe gee, vir hom beskikbaar te maak.

Ook in die Hoëpriester se huis het Jesus se bloed op die grond geval toe Hy deur die gesig geslaan is. Jesus se bloed vloei ook vir die belangrike mense, die kerkmense, die geleerdes, die geestelikes ( Mat 26:57).

Jesus se druppende bloed het ook by Pilatus, die heidense goewerneur geval. So bring Jesus se bloed ook lewe vir die heidene, die wat met mag beklee is, vername mense wat eintlik niks van Hom af wou weet nie (Mat: 27:1).

Die goewerneur laat Jesus gésel. Nou begin Jesus se bloed in alle erns vloei. Die Jode het mos gesê: *laat Sy bloed op ons en ons kinders kom.* So bring Jesus se bloed ook vir die Jode lewe (Mat. 27:25).

Op die Lydensweg was daar baie mense wat Jesus se lyding gade geslaan het toe Hy met sy verskeurde bebloede liggaam onder die swaar kruishout aangesukkel het Golgota toe. Onder hierdie mense was daar tydens die Paasfees uit bykans alle dele van die wêreld besoekers. So het Jesus se bloed ook lewe gebring vir al die mense van die wêreld. Sy bloed het die grond waarop die nasies gestaan het, deurdrenk om vir hulle lewe te gee (Lukas 23:26).

Die grootste bloedverlies was toe Jesus aan die kruis opgehys is op Golgota. Toe het Sy bloed met die grond, aan die voet van die kruis gemeng. Hier het Jesus se bloed finaal vir ons, die grondmense, ons wat uit grond gemaak is, lewe gebring toe sy bloed met ons, die grond, gemeng het.

*29 Januarie* **Blokkasies**

***<u>Bigta:</u> Gawe van God.***

‘n Mens se verhouding met God is nie altyd dieselfde nie. Soms is daar ‘n diepe intieme verhouding met God en soms voel dit weer vir jou of daar iets in jou verhouding met Hom haper. Hierdie probleem mag so erg word dat dit vir jou begin voel of daar ‘n blokkasie in jou verhouding met Hom is en of jy nie regtig deurbreek wanneer jy met Hom praat nie. Hierdie gevoel kom gewoonlik na ‘n tydperk van dieper geestelike groei, nadat jy baie naby aan Hom gekom het. Wat veroorsaak dat ons hierdie blokkasies in ons verhouding met Hom ervaar? Dit is seker ‘n baie persoonlike saak en daar mag seker baie redes hiervoor wees. Een van die mees algemene reded is jou onvermoë om ander te vergewe.

Elke dag kom die meeste mense in situasies waar hulle vergewensgesindheid getoets word. Dink maar aan die uitdagings van *onregbelewing*.

Hoe hanteer jy vergifnis wanneer jy onreg beleef? Hou jy die onreg teen hierdie persone en instansies? Indien wel moet jy nie verbaas wees indien daar blokkasies in jou verhouding met God kom nie.

*30 Januarie* **Blye Verwagting**

***Bitja:*** ***Dogter van die Here.***

**Dink asseblief saam met my oor die volgende:**

*Jy het die hele jaar hard gewerk. Nou uiteindelik is die vakansie, waarna jy so lank uitgesien het en waarvoor jy lank gespaar het, voor die deur. Jy is besig om die finale afrondings te maak en alles in gereedheid te kry. Almal is opgewonde oor die vakansie. Almal sien met verwagting uit na die vakansie waarvoor so lank aanhoudend beplan is, voor gewag is, en waarna gretig uitgesien is.*

**'n Ander moontlikheid:**

*Jy wag en beplan en spaar bykans 'n leeftyd lank, vir die oorsese reis. Jy het die toerplan al 'n duisend maal deurgewerk. Jy weet presies watter dag jy wat gaan besigtig. Die visas is in orde. Die eerste ontmoeting met die toergroep is reeds gedoen. Nou tel jy die dae af na die datum van jou vlug toe.*

**Nog 'n moontlikheid:**

*'n Leeftyd lank swoeg en sweet jy om eendag met gemak op Hermanus te gaan aftree. Nou is dit nog net enkele dae oor voordat die blye dag aanbreek. Jy het reeds met die vervoerkontrakteur gereël en hy kom oormore jou trek laai. In jou geestesoog kan jy al die berge en die see sien. Jy kan al sien hoe jy op jou stoep sit en die walvisse dophou. Man, jy kan nie meer wag nie.*

**Wat van die volgende?**

*Jy het jou hele lewe ‘n passie gehad vir mooi motors. Nou het die dag aangebreek dat jy ook agter die ster van die Duitse vuurwa kan inskuif. Jy het al ‘n paar toetsritte onderneem. Jy weet hoe die leerbekleedsel van die sitplekke ruik.* ***Hierdie is ‘n droom wat nou bewaarheid gaan word. Jy kan nie meer wag nie.***

**Laaste scenario:**

*Jou kind het Australië toe verhuis. Jy het hom en jou twee kleinkinders meer as ‘n jaar laas gesien. Die afwagting maak jou gedaan. Jy kan nie meer wag dat hulle moet land nie.*

In hierdie paar voorbeelde, wat jy met jou eie passies kan aanvul, is daar **vier sleutelbegrippe** in opgesluit: *Gretige uitsien, volhardende uitsien, geduldige uitsien, om te wag met ‘n verwagting.* In Hebreërs 9 word hierdie begrippe in vers 28 met ‘n ander gebeurtenis in verband gebring:

*Even so it is that Christ, having been offered to take upon Himself and bear as a burden the sins of many once and once for all , will appear a second time, not to carry any burden of sin nor to deal with sin, but to bring to full salvation those who are* ***eagerly , constantly, and patiently waiting for and expecting Him*** *( Amplified Bible).*

Dit wil voorkom of die volle begenadiging van die mense by Jesus se wederkoms slegs vir die sal wees wat **gretig, aanhoudend, geduldig op Hom wag en Hom verwag.**

*31 Januarie* **Boetedoen, toelaat en aanvaarding (1)**

***<u>Daniël:</u> My regter is God.***

Teen die einde van 'n mens se lewe sal daar een vraag wees wat beantwoord moet word naamlik: *Was jou lewe sinvol of nie?*

Die waarheid is dat 'n **sinvolle lewe**, 'n lewe sal wees wat so geleef is dat:

**'n Persoon seker sal wees dat hy of sy vir ewig saam met Christus sal lewe, nadat hy of sy gesterf het.**

'n **Sinlose lewe** sal een wees wanneer 'n persoon, na al die gesweet en geswoeg van die lewe, net 'n paar aardse besittings sal kan wys, sonder dat die persoon werklik by Christus as Verlosser uitgekom het. Met ander woorde 'n lewe wat gemors is en waarvoor vir ewig in die hel geboet sal moet word.

Van nature is ons almal besig om ons lewens te mors met sinlose aktiwiteite. Indien daar nie iets daadwerkliks gebeur met ons lewens nie, dryf ons net sinloos tot ons einde.

Die groot vraag is dan: *Hoe kan die natuurlike lewe wat op die ewige hel uitloop omgekeer word sodat 'n persoon se lewe sinvol sal wees?*

Daar is basies drie groot mommemte wat in so ‘n persoon se lewe moet plaasvind naamlik: *Boetedoening, toelating en aanvaarding.* Kom ons kyk bietjie dieper na hierdie momente.

**Boetedoening**

Die mens oortree sy hele lewe lank God se wette. Soos vir verkeersoortredings moet daar dan ‘n sekere boete betaal word. Omdat God die toppunt van geregtigheid is kan die mens se oortredinge nie ongestraf bly nie. Iets moet as boete vir die sonde gebring word. Alle mense het gesondig( Rom.5:12). Geen gewone mens kan dus vir ‘n ander mens se sonde die boete betaal nie. God het in Sy groot liefde vir die mens uitkoms uit sy dilemma voorsien. Vir God kon net ‘n baie groot boete vir al die mense se sondes genoeg wees. Die grootste boete wat gehef kon word, is dit wat die kosbaarste vir God is. Dit wat die kosbaarste vir God is, is Sy eie heilige sondelose Seun. Hy het besluit dat dit, Sy Seun se lewe, ‘n groot genoeg boete vir die mens se sonde kan wees.

Jesus het dus gekom om die boete vir ons sondes te kom betaal met sy eie lewe. Om ‘n boete te betaal is soms maklik veral indien jy genoeg geld het. Vir Christus was dit egter nie net nodig om ‘n boete te betaal nie, nee Hy moes boete doen. Hy moes self betrokke raak by die boete, Hy kon nie net iets kom gee nie. Hy was die boete en in boetedoening kon Hy aan God se vereiste vir geregtigheid voldoen.

Tot hiertoe, is dit wat jy nodig het om te weet wat nodig is vir jou redding en jou vergifnis. Di is **kopkennis**. Selfs satan weet hierdie dinge en so ook al sy trawante maar hulle bestaan is sinloos in die sin dat hulle vir ewig in die hel sal opeindig. Jou kopkennis aangaande hierdie dinge sal jou lewe dan ook nie sinvol kan maak nie. Wat is dan nog nodig?

*1 Februarie* **Toelaat en Aanvaarding (2)**

***<u>Delaja:</u> Die Here is Verlosser.***

Die tweede ding wat nodig is vir jou redding is **Toelaat.**

Jesus staan by die deur van jou hart en klop (Op. 3:20). Hy wil graag in jou lewe inkom en die kopkennis, aangaande Hom, na jou hart toe oorplaas. Dit is nodig dat jy nie net moet **weet** van Jesus se redding nie, jy moet Hom ook **toelaat** om die verlossing van sonde vir jou te doen. Sy boete, wat Hy vir jou sondes betaal het, moet diep in jou hart toegelaat word. Jy moet dus jou diepste binneste oopmaak vir Hom. Jy moet Hom toelaat om in te kom. Vir die doel moet jy jou eie belange, begeertes, jou eie wil opoffer. Jy moet jou hart leeg en skoon maak van alles wat met die self en die self se bevrediging, die self se handhawing te make het. Jy moet plek maak vir Hom in jou lewe. Jy moet jouself verloën, jy moet jouself oorgee en aan Hom onderwerp. Dan is die verlossing van sondes nie meer kopkennis nie. Dan begin jy jou onderskei van satan. Satan kan homself nooit opgee nie, hy kan homself nie aan God onderwerp nie, hy kan God nie in sy lewe toelaat nie, want hy self wil sy eie god wees. So is ook al satan se volgelinge nie in staat tot selfverloëning nie. Jesus het gesê: *Elkeen wat agter my aan wil kom moet homself verloën, sy kruis opneem en My volg* (Mat.16: 24).

Daar is mense wat tot by hierdie stap kom maar net nie die laaste stap tot ‘n volkome sinvolle lewe kan gee nie. Wat is die volgende stap?

**Aanvaarding**

Jesus kom in ons harte in met die doel om alles nuut te maak, om ons nuwe mense te maak, om Sy Gees in ons te laat bly sodat ons deur die Gees se leiding, en oorgawe aan Sy Gees se werking vrug, soos liefde, kan dra (Gal.: 5: 22) Wanneer ons Jesus se redding, heelmaking en Sy Gees in ons binneste aanvaar, kan Hy waarlik ons begin gebruik om Sy doel met ons te bereik. Weet ons wat aanvaarding beteken? Indien iemand vir jou iets gee, moet jy jou hand uitsteek, dit aanvaar, dit vat, en glo dat dit wat jy ontvang het nou joune is. Jy mag nie twyfel nie. Jy mag dit wat jy ontvang het, teruggee nie. Dit is nou joune. Jy kan dit geniet en gebruik en dit sal seker goeie maniere wees om jou dankbaarheid teenoor die gewer te betoon en uit te spreek. Indien jy God se groot geskenke so aanvaar, dit jou eie maak, nie twyfel dat jy dit ontvang het nie, dit in besit neem, dit gebruik en dankbaar daarvoor is, begin jou lewe **sinvol** word. Dan kan die Heilige Gees jou lei, jou beheer en jou lewe bestuur.

Sal jy nie asseblief nou kom, terwyl daar nog tyd en geleentheid is nie . Neem kennis van Jesus se groot boetedoening. Wees bereid om jouself te verloën en Jesus in jou lewe **toe te laat.** Gee oor, nooi Hom in. **Aanvaar gelowig** die ewige verlossing, wat Hy in Sy groot liefde vir jou ewige welsyn gedoen het. **Lewe dan sinvol totdat Hy jou kom haal.**

*2 Februarie* **Brandpyn**

***<u>Dodai:</u> Geliefde van die Here.***

*Dink 'n bietjie oor die volgende*: Kan jy nog onthou hoe dit gebrand het toe 'n doring jou gesteek het? Dit was soos vuur en jy kon nie rus voordat die laaste van die doring uitgehaal is nie, en selfs daarna het dit nog soos vuur gebrand.

Kan jy jou die pyn voorstel indien iemand 'n klomp doringtakkies vat, dit op 'n manier vleg sodat die dorings onder toe wys, en dit dan op jou kop vasdruk, en die ergste is dat jy niks daaraan mag doen nie. Hoe sal jy dan daarvan hou indien iemand met 'n stok kom en die dorings op jou kop vasslaan? Kan jy jou die brandpyn van so iets voorstel?

*Kom ons dink aan iets anders.*

Onthou jy toe jy skaam geword het toe mense jou gespot het, jou beledig het, toe jy jou nie kon verweer het teen mense se mondelingse aanvalle op jou nie? Kan jy onthou hoe jou gesig gegloei het van die skaamte? Hoe warm jy geword het, hoe jou gesig rooi geword het?

Vroëer jare het ons pak gekry wanneer ons stout was. Kan jy onthou hoe 'n rottanghou gebrand het? Dit het gevoel of jy aan die brand was. Die wat baie taai en baie stout was kan selfs onthou hoe dit gevoel het om drie of meer houe te kry. Jy kon vir dae nie behoorlik sit nie.

Het iemand jou al ooit deur die gesig geklap? Indien wel sal jy weet dat dit soos vuur brand en dat die persoon se handmerke op jou gesig gelaat word.

Het jy al ooit ‘n oop wond gehad en dan die slegte ervaring gehad dat jy dit stamp of dat iets daarteen skuur. Veral wanneer dit ontsteek en jy koors ontwikkel, is hitte en brand die oorheersende gevoel.

Was jy al regtig dors? So dors dat jou keel gebrand het van droogheid?

Gelukkig het die van ons, wat in hierdie slegte ervarings gedeel het, gewoonlik net een van die dinge op ‘n slag verduur. Kan jy jou indink hoe dit moet voel om van hierdie dinge gelyktydig te ervaar?

**Al die brandervarings wat sover genoem is, is vir ons gegee as heenwysings na dit wat God se Seun vir ons sondes verduur het**. Ons sou moes gebrand het in ‘n helse vuur vir ons sondes. Hy het in ons plek die brandpyn van lyding verdra.

Jesus het ‘n **doringkroon** gedra. Die doringkroon is op sy kop vasgeslaan met ‘n stok deur die Romeinse wagte.( Mat. 27 tot 30, Markus 15: 19)

Jesus is **gespot**, gespuug, verneder, uitgejou, beledig, kaal uitgetrek, Sy skaamte is ontbloot. ( Mat. 26 en 27, Ps. 22, Jes. 53). Hoe skaam moes Hy, ons Meester, nie geword het nie.

Jesus is **gegésel**. Sy rug is stukkend geslaan vanaf sy rug tot by Sy bobene. (Mat. 26 en 27) Sy liggaam was een bebloede pappery.( Jes. 52) Op hierdie bloederige liggaam is die kruis geplaas.

Hoeveel keer is Jesus nie deur die **gesig geklap** nie? (Mat. 26)

Hy moes die **skuur van die dwarsbalk van die kruis in géselwonde** verdra. Geen wonder dat Hy ineengestort het nie. (Mat. 27)

Hy was bitter **dors**. (Joh. 19)

Hy het al hierdie helse brandpyne, vir ons sondes, vir ons redding, verduur (Jes. 53, 1 Petrus 2).

*Is dit waarom daar in die ou tyd altyd 'n* ***brandoffer*** *gebring moes word vir die redding van Sy volk as 'n heenwysing na die brandpyne wat Hy vir die mensdom se sondes sou moes kom deurmaak?*

*3 Februarie* **Brood**

***<u>Dodawahu:</u> Geliefde van die Here.***

Om by ‘n brood uit te kom, is ‘n hele proses nodig; Koringsaad moet gesaai word, die saad moet in die grond gelaat word totdat dit sterf, dan moet dit begin groei totdat daar ‘n koringoes is, dan moet die koring geoes word, die koring moet gesuiwer word van die kaf, die koring moet gemaal word, die koringmeel moet verwerk word saam met ander bestanddele tot ‘n deeg en dan moet die deeg in ‘n oond gebak word. Brood word gebak met die doel dat dit geëet moet word. Die brood word deur die liggaam opgeneem om energie en krag aan die liggaam te voorsien. Die krag moet gebruik word om onder andere weer te ploeg en te plant sodat daar weer koring geoes kan word.

Jesus gee aan ons die Brood van die Lewe, met ander woorde Homself. Eers moes Hy sterf **soos ‘n koringkorrel** voordat Hy **die oes van die lewe** aan ons kon gee. Soos sy **kruis in die grond geplant** is word koringsaad in die grond geplant. Eers moes Jesus vir ons sondes sterf voordat Hy kon opstaan en begin lewe. Soos die **Evangelie nuwe lewe** in mense se lewens bring, bring koringbrood lewe en krag vir die mens se aardse bestaan. Jesus se afsterwe en opstanding bring ‘n **groot oes** in van siele van die wat hulle bekeer. Daar is mense wat nie die Evangelie aanvaar nie en die Bybel verwys na hulle as die **kaf** wat uitgewan sal word uit die koring. Na ‘n mens se bekering en wedergeboorte moet ‘n mens deur die meul van die lewe gaan wat dikwels deur beproewing en lyding gekenmerk word.So

word die mens deur die **lewe gemaal** om bruikbare meel te word. In die lewe van die gelowige sal smart**, beproewing en lyding die bakproses** voltooi. Van die bestanddele wat in die verwerking van die lewensbrood ingemeng word is benewens siekte, armoede, pyn, beproewing, lyding ook dinge soos, genade, geloof en liefde. Die mens moet ook deur die **hitte van die lewe** gaan, om soos brood gebak te word. Soos brood geëet moet word moet die gelowige **die Ewige Brood, Jesus, eet**. *As julle nie my liggaam eet en My bloed drink nie het julle nie deel aan My nie (Mat. 26:26).* Wanneer Jesus deur die Heilige Gees in ons kom woon, word ons verander en word ons deur die **Brood van die Lewe** toegerus met krag en geestesenergie. Die **bakoond van die lewe** berei die gelowige voor om die Evangelie te saai sodat daar ‘n groot oes van siele kan inkom.

*4 Februarie* **Bruilofskleed**

***<u>Ebed: Jahwe: </u>Kneg van die Here.***

Ons, as gelowiges, is die bruid van Christus. Hy is die Bruidegom wat spoedig Sy bruid gaan kom haal. Soos met die bruilofsgebruike in Christus se tyd die geval was, het Jesus vir ons, Sy bruid, eers 'n blyplek gaan voorberei voordat Hy ons kom haal (Joh. 14: 1 tot 3). Soos die bruid, is ons ook besig om ons voor te berei vir die heuglike dag wanneer Hy ons kom haal. Deel van ons voorbereiding is, soos die bruid van ouds, om vir ons 'n bruilofskleed gereed te kry. Ons sal ook soos 'n bruid hierdie bruilofskleed aanpas en verstellings maak waar nodig. Een ding wat ons nooit met die bruilofskleed sal doen nie is om, nadat ons die bruilofskleed aangetrek het, in die varkhokke saam met die varke in die modder rond te rol nie. Dit is daarom so tragies dat die bruid van Christus in werklikheid vandag presies besig is om juis dit te doen. Die gelowiges, wat deur Jesus se bloed skoon gewas is, word deur die Heilige Gees afgesonder om rein en skoon vir Jesus se koms te wag. So word hulle die bruilofskleed aangetrek. Ongelukkig kies baie van hierdie bloedgewaste gelowiges om hulle heiligwording en afwagting op die koms van Jesus om te keer, en hulle met die vuil van die wêreld te besmet. Hoe gebeur dit?

Ons besoedel ons nuwe **gedagtes** met vuil gedagtes (Fil. 4:8). In plaas van om aan Hom te dink, hoe ons Hom kan grootmaak, hoe ons Sy koninkryk kan laat kom en hoe ons Sy wil op die aarde kan uitleef, bedink ons hoe ons onsself kan

bevoordeel. Ons bedink hoe ons meer geld kan maak, hoe ons meer status en sekuriteit kan verwerf, hoe ons self belangrik kan word en, wat vir ons aangenaam en voordelig sal wees. Met ander woorde ons gedagtes gaan oor ons eer, ons koninkryk en ons wil.

Die bruilofskleed word ook besoedel deur ons **emosies** en dit wat vir ons lekker is om te ervaar. **Seks** speel hier ‘n groot rol. Seksuele begeertes, veral na dit wat in die Bybel verbied word, soos buite-egtelike seksuele verhoudings, besoedel hierdie heilige huwelikskleed (1Tess. 4:5). Die verslawing aan **vrees**, met gepaardgaande adrenalien afskyding, lewer ons uit aan uitbuiting deur die media. Dit gebeur met, onder andere, vreeswekkende video`s en bloedstollende nuusberigte. Ons raak verder so ingestel op die behoefte aan **geno**t dat dit vir baie Christene die oorheersende passie van hulle lewens word.

Ons **eiewilligheid** lei dikwels tot ons ondergang. In plaas van om te vra wat God wil hê ons in ‘n situasie moet doen, volg ons ons eie kop, en doen ons wat ons wil.

Ons **liggame** is veronderstel om die tempels van die Heilige Gees te wees (1Kor. 6: 19). Ons liggame moet die kleed van heiligmaking dra maar dikwels is dit nie die geval nie. Ons verniel die liggaam met **verdowingsmiddels** soos rook en drank. Ons is lui en gee die liggaam nie die nodige **oefening** nie. Ons is verslaaf aan **kos** en verniel die liggaam deur te vet te word. Die dodelikste misbruik van die liggaam is die onvermoë van die mens om **God te vertrou.** Die mens maak

op homself staat en vanweë sy eie onvermoëns wek hy soveel **spanning** op dat hy deur psigosomatiese siektes sy liggaam verwoes.

Die Here noem uitdruklik dat ons Sy Heilige Gees moet toelaat om ons te lei, te beheer en te bestuur (Gal. 5). Ons verkies egter dikwels om met ons bruilofskleed in die modder van varkhokke rond te rol. Dit gebeur wanneer ons verkies om liewers **op onsself te vertrou** as om die Heilige Gees toe te laat om ons te help en te lei.

Hoe kan ons, ons laat mislei om te dink dat ons, ons eie god kan wees? Hoe is dit moontlik dat 'n mens die Lewende God, wat alles gemaak het, alles onderhou en aan Wie alles behoort, aan die mens se behoeftes ondergeskik kan maak? Praat van rol in die modder van 'n varkhok!

Kom ons staan op uit die varkhokke van die lewe en begin om die bruilofskleed uit te was terwyl ons nog die tyd het. Daar is gerugte dat die Bruidegom reeds alles gereed gemaak het. Hy is glo al aan die kom.

*5 Februarie* **Deur die Jordaan**

***<u>Eleasa:</u> God het gemaak.***

In Josua 1 praat die Here met Josua. Uit dit wat God vir Josua sê, kan ons baie vir ons eie lewens leer.

In vers 2 van hierdie gedeelte sê God die volgende vir Josua:

*Noudat my dienaar Moses dood is, moet jy Israel deur die Jordaan na die land toe lei wat Ek self aan hulle gaan gee.*

Moses word geassosieer met die Wet van God. God het op Sinai vir Moses die Wet op twee kliptafels geskryf. Moses is nou dood en Josua moet die volk die beloofde land inlei. Die naam Josua is die Hebreeuse vorm, van die Griekse Jesus. Dit beteken die Here is Redder, Verlosser en Heil. Jesus lei 'n ander bedeling as die Wetsbedeling in. Redding kom deur Jesus nie meer deur Wetsonderhouding nie maar deur genade. Genade wat Jesus aan die kruis vir ons verwerf het. Josua is die voorloper van Jesus.

In 'n sekere sin is die deurtog vanaf Egipte deur die woestyn, deur die Jordaan, dan die simboliese afsluiting van die mens se ou sondelewe. In die woestynlewe voor bekering, probeer die mens self om met goeie dade die ewige lewe te verdien. Die deurgang deur die Jordaan stel die deurgang na die ewige lewe deur die genade wat Jesus voor. Sommige mense sien hierdie deurgang as wedergeboorte. Die mens word weer gebore uit water (doop) en Gees (Joh. 3:5).

So word die mens dan nuutgemaak. Wat belangrik is, in hierdie beeld, is dat die eie ek afsterf, soos die volwasse Israeliete in die woestyn. Ons word een met Jesus in Sy dood, soos ons aan onsself sterf. Ons word ook saam met Hom lewendig gemaak in Sy opstanding (Gal.2: 20). Die volgende woorde word dan deur God tot Josua gerig in Jos. 1: 3:

*Elke plek waardeur julle trek, sal Ek aan julle gee.*

Die Beloofde Land word nie heeltemaal, eenmalig aan Israel gegee nie. Israel moet intrek en in besit neem. So gaan dit ook met die nuwe mens in Christus. Al die beloftes wat God vir hom het, lê braak voor hom. Die nuwe gelowige moet ingaan en in besit neem van dit wat God vir Hom wil gee. Wat is dit alles?

Dit kan die vrug van die Heilige Gees se inwoning wees naamlik: *Vrede, vreugde, liefde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Om in al hierdie wonderlikhede wat God vir Israel wil gee, te kan deel, is daar 'n paar voorskrifte wat God duidelik vir Josua uitlig, in vers 6 tot 9 naamlik:

*(6)Wees sterk. Vertrou My blindelings.(7)Wees sterk. Vertrou My. Jy moet hierdie wetboek (Bybel) van vroeg tot laat lees. Dink dag en nag daaroor na en maak seker dat jy alles doen wat daarin geskryf staan. Dan sal dit met jou goed gaan. Dan sal jy sukses behaal. (9) Onthou dit is Ek self wat hierdie opdrag gee: Wees sterk en vertrou My met alles. Moenie vir iets of iemand skrik of bang wees nie.*

*6 Februarie* **D of P**

***<u>Eleasar:</u> God het gehelp.***

Daar is twee woordjies in Afrikaans wat net deur ‘n d of **P** van mekaar onderskei word. Hierdie twee woordjies is doop en dood. ‘n Mens wonder of dit toevallig is. Kom ons kyk so vir ‘n wyle na die woordjie doop. ‘n Afrikaanse verklarende woordeboek dui die betekenis van doop onder andere soos volg aan:

*Onderdompel.*

In Engels is een van die vertalings vir doop: *Dip.*

Die Oxford Dictionary verklaar *dip* onder andere met die volgende:

*Go below a surface or level, emerge or rise again.*

‘n Toepassing is byvoorbeeld: *Dipping sheep.* Wat verklaar word met to *rid them of vermin.*

*Dip* word ook beskryf as *a short bathe.*

- In die *Strong`s Hebrew and Greek Dictionary* word die Griekse woord *baptizo* wat deur die Engelse *baptize* of in Afrikaanse met *doop* vertaal word, soos volg verklaar:

*To make welmed.* Dit wil sê : *<u>to make fully wet</u>.*

Uit al hierdie definisies en verklarings kan niks anders afgelei word as dat doop, soos dit in die Bybel gebruik word, nie op die besprinkeling van babatjies se voorkoppies dui nie.

Prakties word dit in die Bybel duidelik uitgebeeld in byvoorbeeld Handelinge 8:30 waar Philippus die Etiopiër doop. Waarom sou die Etiopiër sê*: Hier is water. Wat verhinder dat ek gedoop word*, indien hy net met sy eie drinkwater op sy voorkop besprinkel sou kon word? In vers 38 staan dat hulle albei in die water ingegaan het. In vers 39 staan: *Toe hulle uit die water kom*…..

Die groot vraag wat nou ontstaan is waarom hierdie klinkklare gedeelte vir so baie mense 'n probleem skep. Waarom wil die mense dit wat in die Bybel staan nie aanvaar nie? Waarom word die voorbeeld van doop soos dikwels in die Bybel vir ons voorgehou word, nie aanvaar nie? Waar in die Bybel is 'n enkele voorbeeld van besprinkeling van babas se voorkoppies as doop aangedui?

Dit wil voorkom of 'n moontlike verklaring hiervan in dogma te vinde is. Dogma sê dat babatjies gedoop moet word deur hulle voorkoppies met water te besprinkel. Dogma word in verklarende woordeboeke soos volg verklaar: *Vas-omlynde leerstuk waaroor nie meer geredeneer word nie; beginsel wat as bevestig beskou word.*

Dogmatiseer word soos volg verklaar: *Leerstellige onderrig gee, op meesteragtige toon praat; iets sonder enige bewys as onomstootlike waarheid verkondig.*

Dogmatisme word soos volg verklaar: *Stelsel van uitsprake wat nie bewys is nie, as waar beskou.*

Dogma staan dan vir baie Christene hoër as Skriftuurlike waarheid.

*7 Februarie* **Dankgebed**

***<u>Elehusai:</u> God het my gehelp***

*Dankie vir die geskiedenis van Abraham (Gen. 17 en verder). Hy was bereid om sy enigste, sy geliefde seun, Isak, in gehoorsaamheid en liefde vir U te offer. Dit wat hy ervaar het is so 'n klein aanduidinkie, van wat U moes ervaar het toe U, U enigste, U geliefde Seun, opgeoffer het. U daad was veel meer as net 'n bereidheid om dit te doen. U het dit werklik gedoen. U liefde vir ons, ons die skepping uit U hand gevorm, het U ware karakter geopenbaar; liefde ten koste van Uself, opofferende selfverloënende liefde ter wille van geregtigheid. Dankie vir hierdie prys wat U vir ons redding betaal het.*

***Here, Jeshua Meshiach***

*Dankie dat U soos Isak, gehoorsaam aan U Vader, die hout van die kruis waarop U geoffer sou word, gedra het. Dankie dat U soos Isak nie terug baklei het vir U lewe nie, maar dit gewilliglik in onderwerping aan U Vader neergelê het, en toegelaat het dat U op die hout nie net vasgebind word nie, maar met spykers vasgekap word. Soos Isak maklik sy ou vader kon weerstaan het, kon U indien U dit sou verkies het, legioene engele opgeroep het om u te kom help om van die kruis af te kom. Dankie dat U in U groot liefde en gehoorsaamheid aan U Vader gekies het om dit nie te doen nie. Dankie dat U daardie verskriklike prys vir ons redding betaal het.*

***Here, Heilige Gees van God en Seun***

*Dankie dat U gehoorsaam aan God en Sy Seun in ons harte kom woon het. Dankie dat U ons geloof gee om hierdie blye boodskap te glo en vir ons self te aanvaar. Dankie dat U soos 'n sagte aandwindjie, die Ruach van verfrissing, vir ons siele word. Dankie dat U vrug dra in ons lewens, indien ons U toelaat om ons te beheer, te bestuur en te lei (Gal. 5). Dankie vir die 3 maal 3 vrug wat U in en deur ons dra:*

1. *Vrug vir God se eer, koninkryk en wil:*

   ***Liefde, vrede en vreugde***

2. *Vrug wat vir ons medemens bruikbaar is:*

   ***Geduld, vriendelikheid en goedhartigheid***

3. *Vrug wat vir onsself bruikbaar is:*

   ***Getrouheid, nederigheid en selfbeheersing**.*

***Dankie Here***

*8 Februarie* ***Denkfout (1)***

***<u>Elnaton:</u> God het gegee.***

Die oersonde van satan was dat hy teen God in opstand gekom het. Hy het **gedink** dat hy vanweë sy skoonheid, besondere eienskappe en bekwaamhede, self god kon wees. Vanwë hierdie dwaasheid is hy uit die hemel gegooi (Lukas 10:18) , hy en ‘n derde van die engele, die wat hom ondersteun het.

Sedertdien is satan aktief besig om God se werk en Sy skepping te ondermyn. Hy het dit dan ook reggekry om Eva in die paradys te verlei. Hy het op hierdie een menslike swakheid gekonsentreer, naamlik die mens se behoefte om soos hyself, sy eie god te wees. Omdat satan die vader van die **leuen** is het hy leuens gebruik om Eva te verlei. Hy het haar swakheid, om soos God te wil wees, saam met sy leuens gebruik om haar denke te wysig en haar te oortuig dat sy soos God kan wees. Al wat sy moes doen, was om God se gebod te oortree en te dink soos satan wil hê sy moet dink. In Genesis 3: 4 staan die volgende opgeteken:

*“Julle sal nie sterf nie” sis die slang. “God weet dat julle* ***sekere dinge te wete*** *sal kom wanneer julle daarvan eet. Julle sal dan net* ***soos God, alle kennis*** *hê. ”*

Die sug na kennis, alle kennis, is sedert daardie tye vir die mens onontbeerlik in sy strewe om sy eie god te wees. Die gevolg hiervan is dat die mens daarin glo dat kennis *mag is*. So voed die mens die selfgod se onafhanklikheidstrewe.

*9 Februarie* **Denkfout (2)**

***<u>Elpelel:</u> God is redding.***

Die uitgangpunt van, Job se vriende, die intelligente wysheidskenners, was dat *oorsaak en gevolg* die verklaring vir Job se ellende bevat. Hy het iewers sonde gedoen en as gevolg daarvan moet hy nou die straf daarvoor dra. So geweldig is hierdie leuenaanslag teen Job dat hy, wie weet dat sy ellende nie die **gevolg** van sy verkeerde dade is nie, later amper begin twyfel en wel van die argumente van sy vriende begin oorweeg. Tog bly Job by die waarheid vasstaan dat hy nie gesondig het nie. Hy bly glo dat die ellende wat hom tref, nie die **gevolg** van sy sonde is nie. Hierteenoor bly die vriende van Job volhard in die leuen van satan, dat daar 'n **oorsaak en gevolg** moet wees wanneer Job se lyding verklaar moet word. Met ander woorde dat Job iewers met iets gesondig het en dat God hom daarvoor met al die teenspoed straf. Job se vriende is die tipiese wêreldse denkpatroon. Job bly by die waarheid wat God aan hom geopenbaar het. By al sy fisiese ellende, familie-ellende, finansiële ellende kom Job nou ook nog in 'n geestesstryd. Met vriende, soos Job se vriende, het jy nie vyande nodig nie. Die situasie raak vir Job so erg dat God later ingryp. God openbaar hierdie een Goddelike waarheid aan Job naamlik **dat dit vir die natuurlike mens belangriker is om antwoorde op vrae te kry, as wat dit vir die natuurlike**

**mens is om God te ken**. So veroordeel God, Job se vriende se aanslag teen hom en dui God Sy tevredenheid met Job aan.

In die mens se stryd om antwoorde op vrae te kry, bly die een groot vraag vir die mens altyd *waarom die mens moet ly*. Die kompleksiteit van die antwoord op hierdie vraag lê in ‘n kombinasie van faktore. Van hierdie faktore is dat die mens se eie sondes vir sy ellende verantwoordelik is, dat ander mense se sondes daarvoor geblameer kan word, dat daar natuurlike rampe is waaraan die mens ter voorkoming iets kon gedoen het en dat daar natuurrampe is waaraan die mens nie iets kan doen nie. Laasgenoemdes kon deur God of satan veroorsaak gewees het. God kon, soos in Job se geval, ook satan toegelaat het om sekere rampe oor ‘n mens te bring. Dit is ook so dat die mens dikwels ly vanweë sy eie swak besluite. Soms berei God die mens deur lyding voor vir spesiale take wat Hy vir die mens het. Soms is lyding daar om die mens insig te gee en hom te help om dinge beter te verstaan. Dit mag ook wees dat God satan toelaat om die mens vir ‘n spesifieke rede te beproef. Om die sin van lyding deur te werk kan dus ‘n heel ingewikkelde saak wees.

Die prys wat Job moes betaal om die mens se denkfoute deur die eeue te openbaar, was geweldig. Laat ons dan nie ligtelik met hierdie insigte omgaan nie. Die kloof tussen **oorsaak en gevolg** daag die menslike strewe na onafhanklikheid, deur alles te kan verklaar, tot in sy diepste kern uit. Die ontmaskering van hierdie denkfout ontmasker satan vir die leuenaar wat hy is.

Die denkfout van die mens is dat sonde altyd deur straf, op dit wat die mens verkeerd gedoen het, gevolg word en dat die ellendes van die mens hieraan toegeskryf kan word. Job se vriende het Job se ellendes ook so verklaar. Daarom is dit vir hierdie mense nodig om God se guns te wen deur wetsonderhouding. Dit is presies waar satan die mens graag wil hê. Hoe langer die mens in hierdie denkfout vasval hoe moeiliker is dit vir die mens om by geloof, oorgawe, genade en redding uit te kom. Wanneer jy nie meer kan verklaar, verstaan en kan ken nie, is al wat oorbly om aan God oor te gee, en Hom te vertrou.

**Om God te ken is beter as om antwoorde op vrae te kry. Hoe meer ek God ken en hoe meer Hy my gedagtes oorneem en beheer, hoe meer word ek soos Hy in my denke. Dan het satan al minder mag om my met sy leuens te vang en te verlei.**

*10 Februarie* **Die Beter Plan**

***<u>Eltolad:</u> God is Skepper.***

God is absoluut Perfek. Hy is absolute Geregtigheid. Hy is Alwetend en Almagtig. So is Hy nog baie ander dinge ook. Kom ons bepaal ons vir hierdie kort tydjie net by Sy Perfektheid.

In Sy **perfektheid** het Hy perfek geskep, hemel, aarde, mens en engele. Deel van Sy perfekte skepping was dat aan die engele ook die keuse tussen goed en sleg gegee is (Lucifer het teen God gekies). Net God is perfek volmaak. Satan en 'n derde van die engele het teen God gekies en verkies om hulle eie koppe te volg. Satan se onperfekte denke het daartoe gelei dat hy gedink het dat hy self God kan wees. Ons weet wat die gevolg was; satan en sy volgelinge is uit die hemel gegooi. Een ding moes egter nog volg en dit was hulle straf. God is so absoluut regverdig dat Hy satan en die gevalle engele nie ongestraf kon laat bly nie. Vir die doel het Hy die hel geskep.

Was daar dalk in die hemel, na die gevalle engele se vertrek, 'n leemte? God het immers in Sy perfektheid die volmaakte getal engele geskep. Skielik was daar 'n derde weg. Is dit moontlik dat God die mens in die plek van die gevalle engele gemaak het? Het die val van die engele dalk God laat besluit om in 'n ander dimensie van tyd en ruimte, fisiese objekte te skep? Het Hy dalk Sy skepping so gediversifiseer om te vergoed indien die ander engele ook verkeerd sou kies?

Moes die getal mense wat op die aarde sou wees die perfekte getal van die oorspronklike getal engele dalk aanvul?

God is Alwetend. Hy het geweet dat die mens nie die Vryheid van keuse sal kan hanteer nie. Hy het geweet dat satan die mens gaan versoek en dat die mens in sonde sou val. Hy het ook geweet watter wonderplan Hy in werking sal stel om die mens te red en die mens immuun teen enige verdere verval te maak. Dit was asof God ‘n beter plan gemaak het om die mens teen toekomstige verval te beskerm. Terselfdertyd kon God ook Sy plan ten opsigte van satan en die engele se straf in werking stel en so binne Sy perfekte Geregtigheid bly.

Het God se groot plan voorsiening gemaak vir kinders vir Homself in plaas van engele? Het Hy so voorsiening gemaak vir ‘n hoërordeskepping as engele. Het Hy so vir Sy Kind broers en susters gemaak? ‘n Kind kan immers nie sy kindskap verloor nie, al oortree die kind. Het God soveel omgegee dat Hy alles, Sy Goddelikheid, Sy Seun, Sy Reinheid en Goedheid, Sy liefde, Sy alles, sou waag in die skepping van die mens? Dit sou alleen sinvol wees indien God geweet het dat Hy die perfekte plan het om die mens so te laat ontwikkel dat die mens flatervry sal wees. Daar sal so vir die kinders van God beplan word dat hierdie kinders nie vir hulle oortredings sou hoef te boet nie. Die engele is diensknegte van God maar die mens sou intiem aan God verbind wees, kinders wees, uit God gebore wees, vol van God se Gees wees.

Die mense wat nie inpas in God se perfekte plan nie sal saam met satan en die gevalle engele in die hel gegooi word. Onsuiwerhede word onder andere in ‘n vuur gesuiwer. So kan ‘n naald ontsmet word deur die punt in ‘n vlam te hou. Terwyl ‘n objek in die vlam is, is dit bykans onmoontlik dat onsuiwerhede die objek sal besoedel. So sal daar ook perfekte suiwering plaasvind, vir dit wat nie by God se Perfektheid inpas nie, in die vlamme van die helse vuur. So sal alle sondes in die vlamme van die hel verbrand word. Hierdie verbranding en suiwering sal vir ewig aanhou. So word ook die hel deel van God se perfektheid. Dit wat nie perfek is nie sal vir ewig gelouter word in vuur. **Die perfekte plan werk**.

*11 Februarie* **Deure (1)**

***<u>Esegiël:</u> God is sterk.***

<u>Die Mens vra:</u> *Is die wat in die Hemel kom min?(Lukas 13: 23)*

**<u>Jesus antwoord:</u>** *Span al julle kragte in (Stry hard) om by die smal* ***deur*** *in te gaan. Baie verseker ek julle sal probeer om in te gaan maar sal dit nie regkry nie. ( Lukas 13:24)*

<u>Die mens vra:</u> *Hoe kan dit tog gebeur?*

**<u>Jesus antwoord:</u>** *Kyk, Ek staan by die* ***deur*** *en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom 'n feesmaal hou, en hy saam met My.(Open 3: 20)*

<u>Die mens vra</u>: *Wat beteken dit?*

**<u>Jesus antwoord:</u>** *Ek weet alles wat jy doen. Kyk Ek het 'n* ***deur*** *voor jou oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat jy min krag het, en tog het jy aan My boodskap vasgehou en My nie verloën nie. (Op.3:18)*

<u>Die mens vra:</u> *Verstaan ek dit reg as ek hiervan die volgende sê: Jesus staan by die* ***deur*** *van my lewenshuis.( Dit is nou genadetyd, Hy wil van my lewe besit neem, Hy wil my red van my sondes, Hy wil my genadig wees) Hy wil graag inkom en in my kom woon.(Hy is bereid om my oor te neem en my oor te maak en my van myself te verlos) Hy staan daarom en klop aan my lewenshuis se* ***deur****.( Die boodskappe van redding en genade kom oor en oor tot my). Ek wil Hom graag*

*laat inkom wanneer ek Sy stem hoor (Sy Heilige Gees maak my hart oop vir Hom en daar is 'n begeerte om aan Hom oor te gee en my vir Hom oop te maak), maar ek kan nie want die **deur** van my lewenshuis is gesluit.( Daar is nog 'n onwilligheid om alles aan Hom oor te gee of ek glo nie wat Hy vir my sê nie). Nou kom Jesus my nog verder te hulp en Hy sluit die **deur** oop.( Hy gee deur Sy Gees geloof om Hom te glo en te vertrou) Hy maak die **deur** oop.( Deur genade word ek gered). Al wat ek nog moet doen is om te sê: Kom in Here, maak U tuis, neem alles in hierdie lewenshuis vir U, moet geen kamer oorslaan nie, neem alles in besit, maak daarmee net soos U wil, maak my skoon , vergewe my, ek wil niks vir myself uithou nie, dit is nou alles net U s`n?*

<u>Die mens vra verder:</u> *As ek dit doen Here, beteken dit dan dat wanneer ek by U hemelhuis staan en klop, die **deur** ook deur U oopgemaak sal word, dat U dan ook vir my sal sê: "Kom in , maak jou tuis, alles wat Ek het is joune. Neem alles in besit en kom geniet dit. Kom bly by My, want jy het jou lewenshuis vir My oopgemaak en alles tot My beskikking gestel en alles van jou lewe vir My gegee?"*

<u>Die mens vra:</u> *Here, wat beteken dit dat ek hard moet stry om by die nou **deur** in te gaan? Teen wie of wat moet ek stry?*

**<u>Jesus antwoord:</u>** *Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.( Efesiërs 6:12) Ons moet teen die onsigbare geestelike magte van satan veg( Boodskap)*

<u>Die mens vra:</u> *Maar hoe sal ek dit kan regkry?*

**<u>Jesus antwoord:</u>** *Soek jou krag in die Here en in Sy groot mag. (Ef. 6:10)*

<u>Die mens vra:</u> *Met watter wapens sal ek hierdie stryd kan voer?*

**<u>Jesus antwoord</u>**: *Trek die volle wapenrusting aan wat God jou gee. (Ef. 6: 11)*

*12 Februarie* **Deure (2)**

***<u>Esli:</u> Die Here het bewaar.***

<u>Die mens vra:</u> *Noem asseblief vir my wat U wapenrusting behels.*

**<u>Jesus antwoord:</u>** *1.* ***Jou gordel**, dit is Waarheid*

*2.* ***'n Borsplaat**, dit is Geregtigheid*

*3.* ***Skoene**, dit is Vrede*

*4.* ***'n Skild**, dit is Geloof*

*5.* ***'n Helm**, dit is Verlossing*

*6.* ***'n Swaard**, dit is God se Woord*

*7.* ***Krag,** dit is gebed( Efes. 6:14 tot 17)*

Die mens vra of hy reg verstaan dat dit waarteen hy moet veg en stry die volgende is?

**Die Gordel om teen alles wat die waarheid teenstaan weerstand te bied soos:**

*Valsheid. Bedrog. Leuens.*

**Die borsplaat om jou hart om jou teen alles wat ongeregtig is te beskerm soos:**

*Ondeug. Alles wat oneervol is. Alles onsedelik is. Alles wat verkeerd is. Alles wat Jesus, as die Seun van God, ontken.*

**Die skoene aan jou voete om van alles wat die verkondiging van die evangelie van vrede teenstaan weg te vlug, soos:**

*Oorlog, gevegte, twis.Geraas. Onrus. Wanorde. Opstande en rebellie. Om die Evangelie te ontken. Onwilligheid om die Evangelie van Vrede te verkondig.*

**Die skild van Geloof om die vurige pyle van satan uit te blus, dinge soos:**

*Opstand teen gesag. Ateïsme. Om altyd te wantrou en bewyse vir die Evangelie te soek. Weier om Christus te glo en te aanvaar. Bedrog en verleiding. Miskenning van ' n verhouding met God*

**Die helm van verlossing om weerstand te bied teen:**

*Verwerping van die redding van sonde deur Jesus. Kritiek, oordeel en verdoeming. Om gemaklik te leef in die kloue van die sonde. Om te leef asof jy God nie nodig het nie.*

**Die swaard van die Gees naamlik die Woord van God, om dit te gebruik, om mee te verdedig en aan te val. Dit is om weerstand te bied teen die volgende:**

*Verwerping van die Bybel of dele van die Bybel. Om nie alles wat jy hoor, sien en dink te toets aan God se Woord nie. Om nie te vra of die kern van wat jy hoor Jesus is nie. Om nie te vra wat sê die Here hiervan nie. Om passief sonde en onreg te aanvaar sonder die beoordeling van God se Woord.*

*13 Februarie* **Die Armes van Gees**

***<u>El Olam:</u> Ewige God.***

In die 1953 vertaling word daar in Mat. 5: 3 gepraat van die *wat salig is omdat hulle arm van gees is*. Kom ons kyk na 'n paar ander vertalings van dieselfde gedeelte.

**1983 Vertaling:**

*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is,*

**Die Boodskap:**

*Gelukkig is almal wat van God se goedheid en sorg afhanklik is,*

**The Amplified Bible:**

*Blessed are the poor in spirit (the humble, who rate themselves insignificant).*

<u>Die teendeel van seën is vloek.</u>

Mag 'n mens dan by implikasie sê: ***Vervloek is elkeen wat weet hoe onafhanklik hulle van God is?***

Is die diepste wese van sonde nie juis opgesluit in hierdie onafhanklikheidstrewe van die mens nie? God sê aan die eerste mense dat hulle nie van *die boom van alle kennis* mag eet nie. God sê nie waarom nie. Hy sê net wat met die mens gaan gebeur indien hy dit wel doen. Hier is reeds die eerste saadjie van geloof en afhanklikheid geplant. Die mens moes hierdie opdrag aanvaar en dit doen al het

hy nie verstaan waarom hy dit moes doen nie. Iets van die blinde vertroue in God, die *Reckless Abandonment,* van geloofsvertroue is hier teenwoordig. ‘n Belangrike element van hierdie geloof is om afhanklik te kan vertrou. Hierteenoor kom satan die mens verlei deur veral twee dinge uit te buit. Eerstens die menslike swakheid om onafhanklik sy eie ding te wil doen en tweedens die mens se sug na kennis. Die sug na kennis is dikwels dan ook daarop gerig om die mens se onafhanklikheid te versterk. Die diepste swakheid by die mens was ook, soos by satan, om iets en iemand te wil wees. Satan maak die mens se selfbewussyn wakker in sy gesprek met Eva deur haar die middelpunt van die gesprek te maak. Hy laat haar goed voel oor haarself deur kamstig haar vir inligting te vra. Al die potensiële swakhede in die mens word deur satan uitgebuit. Hy kon dit doen omdat hy van hierdie swakhede goed bewus was aangesien hierdie swakheid, om self iemand en iets, onafhanklik van God te wees, tot sy eie ondergang aanleiding gegee het. Die res van die mens se geskiedenis is goed bekend.

Dit bring ons nou by die tydlose uitsprake van Jesus, 2000 jaar gelede, wat vir vandag nog net so geldig is as wat dit 2000 jare gelede was. Die Bergpredikasie is een van die ingrypendste preke wat ooit gelewer is. Die eerste woorde van hierdie preek spreek juis die basiese probleem van die mens aan, naamlik sy onafhanklikheidstrewe in die hoop om self iemand en iets te wees. *Geseënd is die mens wat weet hoe afhanklik hy van God is.* Die seën van afhanklikheid word pragtig deur die **Amplified Bible** verwoord:

*Blessed (happy , to be envied and spiritually prosperous- with life-joy and satisfaction in God`s favor and salvation , regardless of their outward conditions) are the poor in spirit.*

Hoe tragies is dit om hierdie pragtige seën deur onafhanklikheid, mis te loop.

*14 Februarie* **Die armes van gees (2)**

***El Eljon:* *Allerhoogste God.***

In die praktyk het 'n vriend van my ervaar dat hy op Universiteit, 'n sekere vak drie keer moes herhaal, voordat hy die vak geslaag het. Dit terwyl die res van die graad reeds voltooi was. Eers moes hy sy afhanklikheid van God goed leer verstaan het en moes hy ingeoefen word , voordat God hom verder met 'n meestersgraad en selfs 'n doktorale kwalifikasie geseën het.

Iemand anders het vir baie jare gerook en kon nooit uit eie krag uit hierdie verslawing ontsnap nie. Eers nadat hy voor God neergeval het en sy onvermoë om self iets te kon regkry bely het, het God hom maklik sonder enige onttrekkingsimptome van die rookverslawing bevry.

Iemand anders het vir 10 jaar gesukkel om die verhandeling vir 'n Meestersgraad te voltooi, sonder om sukses te behaal. Toe lei die Here hom om 'n ander Meestersgraad met professionele toelating aan te durf. Hierdie graad se eise was driekeer hoër as die vorige een en daar was ook 'n verhandelingsgedeelte wat voltooi moes word. Toe die persoon met die kursus begin, het hy dadelik besef dat dit totaal onmoontlik vir hom sal wees om die kursus uit sy eie vermoëns te voltooi. Toe hy in totale desperaatheid voor God homself in diepe afhanklikheid kom oorgee het, het God oorgeneem en die graad vir hom met onderskeiding gegee. Die verhandelingsgedeelte vir hierdie graad is in 6 weke voltooi.

Ook Bybelse figure kan van hierdie ontsluiting van God se krag in menslike swakheid en afhanklikheid getuig. Paulus is seker een van die beste voorbeelde met sy uitspraak dat *God se krag in sy, Paulus, se swakheid volbring word* (2 Kor. 12:9).

‘n Interessante Bybelse voorbeeld is die van Salomo. Toe hy as jong man met die verantwoordelikheid van die leiding van God se volk gekonfronteer is, het hy sy eie onvermoë besef en God gevra vir wysheid. Die gesindheid van Salomo, om in afhanklikheid God te vra om hom toe te rus vir dit wat hy nie kon doen nie, het God so tevrede gestel dat Hy Salomo met baie ander seëninge ook oorlaai het. Ongelukkig het Salomo in sy rykdom, eer, kennis, aansien en wysheid selfgenoegsaam begin word. Hy het gevoel hy het God nie meer nodig nie en het afgodsbeelde begin vereer. Onafhanklikheid en die verafgoding van kennis was ook sy ondergang, soos dit die geval met die eerste mense was.

Mense wil belangrik wees, hulle wil onafhanklik wees en hulle wil hulle eie ding doen. (Kyk maar hoe die sug na aftrede mense se lewens oorheers). Mense wil weet wat in die wêreld aangaan, want hulle glo dat hulle deur hulle kennis van wat aan die gebeur is, in staat sal wees om self hulle lot te verander( Kyk maar net na die verslawing van die mens aan nuus op die radio en die televisie en in die koerante).

Die mens se onafhanklikheidstrewe word veral ontbloot in sy gebede. Selde sal die gebed van ‘n gelowige in die eerste instansie met passie gerig wees op die

redding van sy geliefdes se siele en, dat sy geliefdes alles van hierdie wêreld sal prysgee en opoffer om God as wins te verkry. Nee die meeste gebede vir geliefdes sal fokus op sekulêre seën soos die slaag van eksamens, gesondheid, geld, ‘n voorspoedige reis, dat mense nie moet ly nie, ‘n goeie besigheidstransaksie ens., alles gemik op die onafhanklikheid van die mens. Dieselfde kriteria kan ook vir die gebed wat vir die self gebid word, aangelê word. Waarvoor bid jy passievol as hoogste prioriteit vir jouself?

*15 Februarie* **Behoue Goddelikheid**

***Asalja:** Die Here het afgesonder.*

Met die sondeval het dit wat Goddelik in die skepping was, grootliks verlore geraak. Daar is tog, wanneer ‘n mens mooi kyk, nog reste van die Goddelikheid om ons herkenbaar. Kom ons kyk na sommiges hiervan. Jy sal dalk veel meer om jou kan ontdek wanneer jy begin rondkyk.

**1. Die varkoorblom.**

Die vorm van hierdie blom is so eenvoudig maar tog so pragtig. Die egalige kleur van die blom pas perfek by die vorm. Kyk ‘n bietjie na hierdie blom en laat toe dat iets van die Goddelikheid van die skepping hierin, jou aangryp.

**2. Deernis vir kleintjies**

Iets van die Goddelikheid het oorgebly in die spontane gevoel van deernis wat ‘n kleintjie by jou opwek. Of dit nou ‘n klein diertjie, of ‘n klein mensie, of ‘n teer klein plantjie is. Weet dat God jou so seën met iets van Hom wanneer jy volgende keer so ‘n gevoel van deernis ervaar.

**3. Wolke**

Min mense word nie aangegryp deur die prag van wolke nie. Kleure en vorms wat wissel, openbaar vandag nog iets van God se Goddelikheid aan ons. Dalk het

ons verwagting dat Hy op die wolke sal terugkom ook iets met hierdie aangrypende gevoel te make.

**4. Liefde**

Die opregte omgeeliefde van iemand anders vir jou kom direk van God af, want Hy is liefde. Wat kan aangenamer wees as daardie erkenning van jou waarde, vir 'n ander, wat deur die ander se liefde vir jou, aan jou oorgedra word.

**5. Vergifnis**

Dalk het jy ook al 'n fout begaan. Dalk het jy ook al 'n Goddelike moment beleef wanneer 'n ander persoon, wat deur jou fout benadeel is, geglimlag het en jou verseker het dat dit niks is nie.

**6. Vrede**

Vrede is Goddelik. Jy besef dit veral nadat jy aan onvrede blootgestel was.

**7. Stilte**

In 'n wêreld waar dit min stil is, is dit Goddelik om stilte te ervaar. Dit kan wees soos wanneer 'n mens in die Wildtuin op 'n eensame pad stop en die motor se masjien afskakel en die stilte toelaat om oor jou te spoel.

**8. Dood**

Min mense ervaar nie iets van God, wanneer hulle by 'n geliefde se stil oorgaan van die lewe na die dood, staan nie.

## 9. Kommunikasie

Om met Jesus as jou Vriend, jou Broer en jou Verlosser te kan praat, is Goddelik.

Om Hom uit Sy woord met jou te hoor praat, is net so Goddelik.

*16 Februarie* **Bekering van Perfeksionisme**

***<u>Asareël:</u>***

**God het met vreugde vervul.**

*Perfeksionisme, sê die geleerdes, is gebore uit die behoefte om in beheer te wees*. Wanneer jy onseker of bedreigd voel, en voel dat jy besig is om beheer te verloor laat perfeksionisme jou veilig voel. Wanneer alles perfek is, voel die ek in beheer en het die ek niemand en niks anders nodig nie. Dalk is, in ons strewe na perfeksionisme, ‘n stuk ongeloof teenwoordig. Indien ekself alles onder beheer het, en alles perfek om my is, het ek nie nodig om op die Here te vertrou nie, en ook nie om op ander te vertrou nie. *Ek sal alles sommer self doen, dankie, dan weet ek dit is goed gedoen.* ‘n Wegkeer van jouself na Jesus toe, in diepe afhanklikheid van wat Hy vir jou lewe beplan, kan perfeksionisme onder beheer bring.

Die toets of jy in diepe afhanklikheid van God lewe, en of jy waarlik Sy wil vir jou lewe soek, kan in drie eenvoudige selfondersoekende vrae gevind word naamlik:

1. Is jy **tevrede** met jou omstandighede? Is jy soos die Bybel sê *vergenoegd*? (Fil. 4:11)

2. Is jy in alle omstanstandighede **dankbaar** teenoor God vir wat ookal op jou lewenspad kom? (1 Tess.5:18)

3. Is jou erfenis vir jou **mooi**? Kan jy waarlik sê dat dit wat God vir jou gee, vir jou mooi is ? (Ps 16:6)

Perfeksionisme kring dikwels ook uit om ander te onderwerp aan dieselfde eise wat ons aan onsself stel. Die probleem hier is dat dan verwag word dat wat ander mense doen, ook perfek moet wees. Hierin is een van die grootste bronne van konflik en frustrasie opgesluit. Moenie verwag ander sal eerlik wees nie. Die sekulêre wêreld werk met ander standaarde en uitgangspunte. Moenie verwag dat sekulêre mense betroubaar, opreg, eerlik, getrou, en perfek sal wees nie. Oppas ook vir verwagtings ten opsigte van sogenaamde gelowiges en kerkmense. Dikwels word 'n skyn van godsaligheid vertoon soos die Bybel vir ons uitwys.

Wanneer jy leer om te aanvaar dat daar net een Perfekte is, kom jy nader aan die oplossing vir jou probleem om perfeksionisme. Wanneer jy self en mense om jou, jou teleurstel, leer jy om op God te vertrou in plaas van op jouself en op mense.

*17 Februarie* **Bekers**

***<u>Asarja:</u> Die Here het gehelp.***

*Waarom ontvang mense gedurende hulle lewens bekers en sertifikate?*

Die persoon wat presteer weet reeds dat hy of sy goed is en besondere prestasies lewer. ‘n Beker hoef nie vir die persoon die bewys te wees dat hy of sy presteer het nie. Dit is dus logies om te redeneer dat die toekenning van ‘n beker, trofee of medalje dan daar is om die ander persone te herinner aan die besondere bekwaamhede van die ontvanger van die beker. ‘n Trofee word dus toegeken om die ander persone te herinner dat die ontvanger van die beker beter as hulle is. Saam met die beker kom daar dan ook die erkenning dat die persoon besonder goed is en besondere prestasies lewer, beter as die ander persone.

Vandag is dit dikwels so dat die lewensresies vir die beker, as beste presteerder, elemente van ou Romeinse wedrenne bevat. Soms word ander onderstebo gehardloop, soms kry ander deelnemers seer, hulle mag selfs uitgebuit word. Die wenprys kan verskillende vorms aanneem. Soms is die prys die aanstelling as Hoof van die skool, die Besturende Direkteur, die Bestuurder, die Leier.

Hierdie beskrywing van die wenner, wat deur sy eie pogings homself beter as ander bewys, is die gees van die Ou Testament. Alles moet **gedoen word** om die trofee te behaal. Niks kom uit **genade** nie. Alles is net verdienste, jou verdienste. Jy doen goed en daarvoor word jy beloon. Die meeste nie-christelike godsdienste

funksioneer vandag nog steeds op hierdie patroon. Alles gaan oor **die mens en sy verdienste** wat dan ook aan die einde van die lewensresies op een of ander manier beloon word. Jakobus gee ons iets van die Nuwe Testamentgesindheid deur wanneer hy in Jakobus 3: 13 die volgende vir ons opteken:

*Wie van julle het die lewenswysheid om te verstaan hoe 'n mens die spel van die lewe sinvol en reg moet speel? Laat hy dit wys deur die manier waarop hy hom gedra. Nederig en op sy plek moet hy doen wat God wil hê 'n mens moet doen om sinvol te leef.*

*As die een onder julle egter vir die ander niks gun nie en altyd probeer beter wil wees as die ander een, moet julle nie maak of julle weet wat 'n sinvolle lewe is nie.*

In Jakobus 1: 12 staan opgeteken:

*Die Here gebruik slegte of moeilike dinge in ons lewe om te kyk of ons lojaal aan Hom gaan bly. Ware geluk is om die toets met vlieënde vaandels te slaag. God noem sulke mense wenners in die lewe.*

En in Jakobus 4: 1 staan die volgende:

*Vir wat stry en baklei julle so? Wat is verkeerd? Is dit nie omdat elkeen altyd net aan homself dink nie.? Kom dit nie van daardie gevoel dat net wat vir jou lekker of belangrik is, saak maak nie.* vers 6*: God wil niks met die mense te doen hê wat dink hulle kan op hulle eie sonder God regkom nie. Maar vir daardie mense wat*

*weet hulle is niks sonder God nie, is God baie goed- meer as wat hulle ooit verdien.*

Volgens die Nuwe Testament is ons nog steeds in ‘n resies, ‘n lewensresies. Ons doel met deelname aan hierdie resies is om so te hardloop *dat ons die prys sal ontvang* (1Kor. 9:24). Hierdie prys is die ewige lewe. Genadiglik het Jesus reeds vir ons hierdie lewensbeker verdien toe Hy oor die wenstreep van lyding en smarte aan die kruis van Golgota gebars het.

*18 Februarie* **Ben**

***Ataja:* Die Here help.**

Ben was nie altyd ‘n gelowige gewees nie. Soos baie van ons het hy ook maar in die wêreld, en vir die wêreld, gelewe. Hy was lief vir geld. Sy lewenspassie was om baie geld te maak. Hy het hard gewerk en baie gespaar. Hy het verstandig belê en so het hy geleidelik finansieel onafhanklik begin word. Op ‘n dag is sy geliefdes se gebede verhoor en het God sy oë oopgemaak vir waarmee hy besig was. Hy het sy afgod van geld en onafhanklikheid bely, God het hom vergewe en hom ‘n lewe van vryheid gegee. Vroëer het Ben sy gewete probeer sus deur die Bybelse wet, van die gee van tiendes, na te kom. Nadat hy sy hart vir Jesus gegee het en daarmee alles wat hy het, ook sy geld en goed, het hy vrymaking van wettiese voorskrifte ervaar, en het hy begin gee uit die liefde van sy hart, dikwels veel meer as die voorgeskrewe tiende.

Daar was nog een ding wat in Ben se lewe ‘n probleem geskep het. Hy het gelowige boeties en sussies gehad wat ook uit die agtergrond van verafgoding van geld en goed gekom het maar wie nie so ‘n sterk geloof soos hy gehad het nie. Toe hulle sien dat Ben nie meer sy tiende wetties gee nie, het hulle gevoel dat hulle ook nie meer gebind is deur die Bybelse voorskrifte nie. Ongelukkig was hulle geloof nie so sterk soos Ben sin nie en geleidelik het hulle liefde vir geld en goed weer begin terugkeer. Hulle het weer die ou afgode van geld en goed

begin dien. So het Ben ongelukkig deur sy sterk geloof en vryheid van die afgod van geld, sy medegelowiges met swakker geloof in die ongeluk gedompel.

Hierdie is maar net ‘n ander weergawe van 1 Kor. 8. waar die afgod nie geld was nie maar offervleis aan afgode.

Indien ons regtig lief is vir ons broers en susters, in Christus, sal ons altyd die gedeelte in 1 Kor. 8: 10 tot 12 voor oë hou:

Wees dus omsigtig met jou heiligheid

*19 Februarie* **Besoek aan Israel**

(Vir nie-pelgrims)

***<u>Atalia:</u> Die Here is groot.***

Enige persoon, wat Israel al besoek het, sal die wonderlike voordele van so 'n besoek aan jou kan uitwys. Kom ons kyk na van hierdie voordele:

1. **'n Besoek aan Israel versterk jou geloof.**

   Om te loop waar Jesus geloop het, om op die see te vaar waar Hy gevaar het, om by Tabgha te staan waar Hy die skares gevoed het, om die Via Dolorosa te wandel waar Hy onder die kruis ineengestort het, om op Golgota te staan waar Hy gekruisig is, om die tuingraf te besoek waar Hy te ruste gelê is, kan 'n mens se geloof in die waarheid van hierdie gebeure net versterk.

2. **Jy kan die Bybel beter verstaan nadat jy Israel besoek het.**

   Wanneer jy die Meer van Genesaret gesien het, weet jy hoe dit lyk wanneer die Bybel van hierdie meer praat. Jy kan die doop in die Jordaan beter verstaan wanneer jy langs die Jordaan staan en jy sien waar die oorspronklike oewers van die rivier was. Jy verstaan die beeld van die herder wat die skape lei, wanneer jy dit voor jou oë sien gebeur soos 2000 jaar gelede toe Jesus Sy gelykenisse vertel het. Jy verstaan iets van die Tempelberg, Sionshoogte, wanneer jy by die laaste oorblywende deel van die Tempel, die klaagmuur, staan.

3. **Jy ervaar God se teenwoordigheid en die werking van Sy Gees in Israel.**

Jy voel so naby aan Jesus op die See van Galilea, by die Olyfberg in die kerk waar Jesus bloed gesweet het, by die Tuingraf wat nou leeg is, in die Bo-kamer waar Jesus die laaste Nagmaal saam met Sy dissipels geëet het.

Indien bogenoemde alles waar is, wonder 'n mens:

**Is God onregverdig?**

Sal God die mens met geld, die ryke, bevoordeel bo die arm mens? Sal God werklik toelaat dat die mens met geld, die een wat dit kan bekostig om Israel te besoek, geestelik bevoordeel word bo die mens wat dit nie kan bekostig nie? Sal God die mens met geld toelaat om sy geloof te versterk, die Bybel beter te verstaan, nader aan Hom te voel, as die een wat nie geld het nie?

**Dit is hoogs onwaarskynlik.**

Die ongelowige Thomas het gesê dat hy nie sal glo dat Jesus lewe nie, indien hy nie sy vinger in die wond van die spyker, en sy hand in die sy van Jesus kan druk nie. Jesus se reaksie, toe Hy aan Thomas die geleentheid gebied het om presies dit te doen, was die volgende: (Joh.21:29**) Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo.**

Wees dankbaar, jy wat nooit Israel sal sien nie. Jesus sonder jou uit vir ‘n besondere seën, omdat jy glo sonder om die dinge, waarvan die Bybel praat, te sien. Weet dat God regverdig is en nooit sy genade, die geloof wat Sy Gees vir jou gee, insig in die Bybel en die wonderlike vrede van Sy nabyheid, ondergeskik sal maak aan hoeveel geld jy het nie.

**Wees rustig Nie-Pelgrim. Jesus is baie regverdig en Hy is baie lief vir jou. Jy sal nie net die hemelse Jerusalem sien nie, jy sal daarin woon.**

*20 Februarie* **Meneer, Mevrou, Dominee, Doktor**

***Abir:* Absolute Magtige.**

In Mattheus 23: 7 staan: *En dit is vir hulle tog te lekker om in die winkels eerbiedig deur die mense gegroet te word met:* ***Goeie môre Dominee,*** *of watter titel hulle ook al belangrik laat voel. (Boodsksap)* Hierdie opmerking was ten opsigte van geestelike leiers in Jesus se tyd, deur Jesus self gemaak.

Daar is egter ook 'n waarskuwing vir die ander volgelinge van Jesus in

vers 8: *Wees gewaarsku julle almal wat my volg! Moenie toelaat dat mense dit aan julle doen nie. Moenie toelaat dat hulle julle so op 'n verhogie sit met 'n* ***gedominee*** *hier of 'n* ***gepastoor*** *daar nie. Laat die lof en eer maar na Hom (Jesus) toe gaan. Vir julle moet dit genoeg wees om mekaar se* ***broers en susters*** *genoem te word.*

Die mens het teen hierdie beginsel van nederigheid as enigste basis vir eerbetoning in gekies om homself te verhoog met sy betitelings soos:

Meneer( Mijn Heer), Mevrou, My Baas, U Edele, U Ekselensie, Doktor, Regter, Advokaat, Dominee, Pastoor, Hoogeerwaarde, Mevrou dominee en Koning.

Dit is werklik merkwaardig dat Jesus, die ware Grote, Die Woord, Die Skepper, Die Alwyse, Die ware Koning, Die Enigste uiteindelike Regter, Die Leermeester en Rabbi oor almal, die Een wat waarlik vir ons intree as Advokaat, dat Hy gekies het om maar net as **Jesus** bekend te staan, amper soos Piet en Anna. Hier is ware

grootheid. Soos Hy dan ook in hierdie gedeelte in Matt. vir ons ware grootheid uitwys in die volgende woorde:

*Die reël wat elke gelowige moet onthou, is:* ***Onder God se kinders is die een wat die ander dien die belangrikste. Dit beteken dat God die een wat gedurig die belangrikste wil wees en oor die ander baas wil speel, heel agter in die ry sal laat staan.***

*21 Februarie* **Bitter Water (kritiek 1)**

***Benaja:** Jahwe het gebou.*

In Jakobus 3: 10 staan:

*Dit beteken dat lof en vloek uit dieselfde mond kom. Dit kan tog nie so wees nie, my liewe broers en susters! Kan 'n fontein uit dieselfde oog soet en bitter water laat opborrel? (Lewende Vertaling)*

Die bitter water kan beteken om te vloek en te kritiseer. In Jakobus 4: 11 staan die volgende:

*Moenie lelike goed van mekaar sê nie, liewe broers en susters. As julle lelike dinge van 'n medegelowige sê, of 'n medegelowige kritiseer, dan sê julle eintlik lelike dinge van die wet van God en kritiseer julle die wet. 12 Net God – Hy wat die wet gemaak het- kan as regter oor ons optree. ------Dit is dus baie duidelik dat julle nie regter oor julle naaste kan speel nie.*

**Waar kom hierdie arrogante geneigdheid om te kritiseer, vandaan?**

Soos die meeste sondes, is die oorsprong van hierdie sonde, ook in die sondeval van die mens in die Paradys te vinde. Satan is die groot kritikus. Hy wil die mens kamstig reghelp maar in die proses poog hy om die mens in sonde te laat val. Satan huiwer ook nie om God te kritiseer nie. Volgens satan was God besig om die mens te bedrieg deur onwaarhede aan hom voor te hou in die Paradys, ten opsigte van die kennis van goed en kwaad. Satan is by uitstek die groot kritikus

en sal nie huiwer om van leuens en halwe waarhede gebruik te maak nie. Die een groot probleem van kritiek vandag is dat dit dikwels steeds op halwe waarhede gebou word. Neem nou maar die volgende kritiek: *Ons het 'n korrupte regering.* Hierdie is 'n halwe waarheid. Daar is tog mense in die regering wat Christene is en nie korrup is nie.

Nog 'n oorsaak van die mens se neiging om te kritiseer kom uit die mens se akademiese **opleiding,** veral universiteitsopleiding. Aan die meeste universiteite word die student geleer om krities met akademiese inhoude om te gaan. Die feitelike, die empiries bewysbare, die logiese gee die deurslag. Om by hierdie sekulêre waarhede uit te kom is dit gewoonlik nodig dat die student leer om krities die Hoe? Waar? Wanneer? Wat? en Wie ? vrae te vra. In teenstelling hiermee kan enige universiteitstudent gevra word of hulle al van die volgende dinge op universiteit gehoor het:

*Dit is nodig om ander mense te vergewe.*

*Jy moet die minste wees.*

*Jy moet jouself verloën.*

*Jy moet jou kruis dra.*

*Moenie ander kritiseer nie.*

Die sekulêre kennisgod maak binne die kritiese denkraamwerk, waarin dit opereer, selde ruimte vir sulke wesentlike begrippe .

*22 Februarie* **Bitter water (Kritiek 2)**

***Beraja:** Die Here het geskape.*

Wanneer jy oorgaan tot kritiek van ander mense, oordeel jy oor hulle. In hierdie oordeel is daar onder andere twee probleme:

Jy word in die Bybel aangeraai om nie oor ander te oordeel nie. Tog het jy 'n verantwoordelikheid teenoor jou broer en suster in Christus, om hulle te tereg te wys wanneer jy sien dat hulle op die verkeerde pad beweeg. Teenoor die wat nie ons broers en susters in Jesus is nie het ons 'n ander verantwoordelikheid. God sal oor hulle oordeel. Ons moet hulle die weg na Jesus toe wys.

Die tweede probleem is dat ons wel mense se dade mag beoordeel maar dat die mens self vir ons altyd kosbaar en aanvaarbaar moet bly.

Die teendeel van die oordeel oor ander, is genade en vryspraak. Ons as Christene moet genade betoon. Die treffende gelykenis van die persoon wat aan sy baas miljoene rand geskuld het, en wie se skuld afgeskryf is, is hier ter sprake. Wanneer ons oor mense oordeel, is ons besig **om hulle aan die keel te gryp**, soos die skuldenaar in die gelykenis (Mat. 18:24).

Kritiek en oordeel het gewoonlik 'n element van **selfregverdiging**. Ek beskou myself, in my kritiek van ander, as bo sulke swakhede wat ek in my medebroer of suster identifiseer. Dit mag ook wees dat ek in my kritiek so arrogant raak dat

ek vir myself die vryheid toelaat om wel sulke dinge, wat ek in my broer of suster afkeer, self te doen.

Kritiek is **verbloemde haat**. Die gemeenskap laat wel kritiek en oordeel toe maar nie moord nie. Ek kan moord omseil deur in my oordeel en kritiek te moor met woorde. Geen wonder nie dat Jesus gesê het dat hy wat sy broer as 'n *idioot* uitskel, in die helse vuur daarvoor sal moet boet ( Mat. 5:22).

Die kernprobleem van kritiek en oordeel, is geleë in die feit dat ek in oordeel en kritiek die ander persoon **nie vergewe nie.** Ons weet uit Jesus se uitsprake dat die persoon wat nie 'n ander kan vergewe nie, self nie op vryspraak sal kan staatmaak nie (Mat. 6:12).

Kritiek en oordeel ontbloot die **haatlike, die selfgenoegsame,** die duiwelse in die mens se hart.

Kritiek en oordeel is gebore in opstand **teen gesag.** Dit is 'n rebelse lewenshouding, 'n onvermoë om gesag te aanvaar en die self te onderwerp, 'n behoefte om self iemand en iets te wees.

**Kritiek en oordeel is so selfverheffend** en arrogant dat dit nooit met kruisdra en selfverloëning geïdentifiseer kan word nie. Kritiek is die afgooi van die juk van Jesus se kruis en die opneem van satan se wil vir my lewe.

Al wat in jou lewe, na jou kritiese veroordeling van ander oorbly, is die belewing van bitterheid. Die bron van die bitterheid is liefdeloosheid. Hierdie bitterheid is nie ‘n vrug van se God se Gees nie

*23 Februarie* **Die bekering van Kersfees**

***<u>Elohim: Onbeperkte Krag.</u>***

Kersfees se oorsprong is te vinde in die brand van kerse om die Songod se aankoms aan te help. Vroeër is geglo dat die keerpunt van die son, in die noordelike halfrond, op 25 Desember plaasvind. Vandag weet ons dat dit op 21 Desember is. Die doel van die fees was om die songod te verwelkom, of om sy oorwinning oor die winter te vier. Die fees is gekenmerk deur die bring van menslike offers, seksuele losbandigheid, brassery en fuifery, gee van geskenke, versiering van die immergroen boom, brand van kerse, sing van liedere in die strate, versiering van die huis en die eet van soetkoekies. Hierdie gebruike se oorsprong kan teruggevoer word na die Roomse kerk wat weer op hulle beurt die gebruike oorgeneem het van die Babiloniese godsdienste. Die Babiloniese afgodsdienste kan weer teruggevoer word na Semiramus, die hemelkoningin en haar seun Tammus, die songod. Daar is geglo dat Semiramus getroud was met Nimrod, die seun van Kus, die seun van Gam, die seun van Noag.

Kom ons kyk na enkele van hierdie tradisies wat vandag nog algemeen voorkom tydens Kersfees:

**Die gee van geskenke.**

Hierdie gebruik kom uit die die Romeinse tydperk voor Christus. Die gepeupel is gedwing om offerandes en geskenke tydens die fees van Saturnalia aan die Keiser

te gee. Later het die gebruik ontstaan dat die hele bevolking geskenke aan mekaar gegee het. Die Roomse kerk het dit ‘n Christelike gebruik gemaak deur te sê dat dit ‘n voortsetting van Biskop Nikolaas (Gebore in Turkye 270 n.C.) se gebruike was. Hy was bekend daarvoor dat hy geskenke vir die armes gegee het.

**Die Kersboom.**

Die immergroenboom (denneboom) is in die Noordelike Halfrond deur die heidene aanbid as die simbool van lewe, vrugbaarheid en voortplanting. Die boom is in die wintermaande in die huis ingebring, versier en aanbid in die geloof dat dit verhoogde viriliteit en nuwe lewe sal bring. Daarom is die boom in ‘n regop posisie geplaas en is dit ‘n beeld van die manlike geslagsorgaan. Daarom is dit dan ook logies dat die boom met balle versier sal word.

**Kersvader**

In 1087 is die beendere van Nikolaas na Bari in Italië geneem. Daar het die gebruik ontstaan om geskenke aan mekaar te gee ter herdenking van die afsterwe van Biskop Nikolaas op 6 Desember.

Die Nikolaas- kultus het veral in Duitsland versprei. Hierdie kultus het veral hemelgode aanbid waarvan Woden die hoofgod was. Volgens oorlewering het Woden ‘n lang wit baard gehad en het hy op ‘n wit perd deur die hemelruim op ‘n bepaalde dag gery. Met tyd het die afgod Woden vir Nikolaas vervang. So het Nikolaas ‘n wit baard gekry. Ten einde die kultus deel van die Roomse Kerk te

maak, is die gee van geskenke op 25 Desember en nie meer op 6 Desember nie deur die kerk goedgekeur. In 1820 het Biskop Nikolaas bekend begin word as Santa Claus ( Kersvader) op grond van ‘n satire *The Nickerbocker Tales* wat deur Irving Washington geskryf is en gebaseer was op sekere Hollandse gebruike en tradisies van Sinterklaas en Swarte Piet. Laasgenoemde twee is ook van afgodery afkomstig. Na aanleiding van ‘n gedig van ‘n ene Clement Moore, *A visit from Saint Nicholas* word Santa Claus beskryf as iemand wat geskenke op Kersfees bring. Hy kom deur die hemelruim met ‘n slee getrek deur agt takbokke, klim dan deur die skoorsteen en plaas geskenke in die kouse van kinders. Die strokiesprente van Thomas Nast in 1862 vestig kersvader as ‘n vet ou omie.

*24 Februarie* **Motorwrak**

***Aram:* Hoog verhewe.**

Ek het hard gewerk vir my motor. Daar is lank gespaar en ek het hom met die opbrengs van my arbeid gekoop. So het ek hom dan ook vir baie jare gebruik. Namate die voertuig ouer geword het, moes ek meer aan sy onderhoud begin spandeer. Ek moes hom 'n paar keer herstel, herbou, opbou en ek moes hom gereeld versien. So het ek hom deur baie jare op die pad gehou. Daar het egter 'n tyd gekom dat die motor bykans onherstelbaar geword het. Ek het selfs van ander kenners gebruik gemaak om die motor op die pad te hou. Onafwendbaar het die dag egter aangebreek dat ek besef het die motor is 'n wrak, onherstelbaar. Ek moes daaraan dink om hom af te skryf. Daar was egter 'n beter alternatief vir my oop. Ek kon hom inruil op 'n nuwe voertuig. Dit bring my by dit wat ek eintlik vir jou wil vertel; van my nuwe voertuig. Anders as in die verlede toe ek moes uithaal en wys vir die voertuig het die handelaar 'n nuwe tipe van eienaarskap aan my verduidelik. Dit is amper iets soos huur maar ook nie heeltemal nie. Jy kry die nuwe voertuig sonder om iets daarvoor te betaal. Dan is daar ook heelwat dinge wat anders werk as in die ou voertuig se geval. Die nuwe voertuig is ten volle outomaties. Jy kan dit byna nie glo nie maar hy skakel nie net outomaties die ratte oor wanneer die voertuig swaar trek nie, maar daar is iets soos 'n *autopilot*, soos 'n mens dit in vliegtuie kry. Die voertuig het 'n kragstuur om dit maklik op die pad te hou. Daar is geweldige goeie remme, met allerhande dinge,

wat die remaksie veilig en effektief maak. Die voertuig het sensors wat jou waarsku wanneer jy in gevaarlike situasies te naby aan ander voertuie kom. Hierdie voertuig het ‘n padbystandsdiens indien jy probleme langs die pad opdoen. Die voertuig is gewaarborg. Dit is van sulke hoë gehalte materiaal gemaak dat die vervaardiger beweer dat jy nooit weer ‘n ander voertuig sal hoef aan te skaf nie. En dan ongelooflik, maar dit is waar: Die voertuig word gratis, sonder enige bybetalings, verskaf. (Sien nou Motorwrak 2)

*25 Februarie* **Motorwrak (2)**

***<u>Arauna:</u> God is standvastig.***

My lewe was soos die verhaal van die voertuig. Telkens kon ek maar net my eie lewe in die plek van *voertuig* ingeskryf het. Kom ons kyk na enkele van hierdie parallelle:

As kind en jongmens is ek geleer dat ek beheer oor my lewe moet neem. Ek moes hard werk om 'n sukses van my lewe te maak. So is ek geleer dat ek self vir my lewe verantwoordelik is. Hoe harder ek werk, hoe beter lewe (Motor) sou ek besit. So het dit vir baie jare aangegaan. Ek moes, soos aan die motor, baie werk en herstel. Baie handleidings ten opsigte van selfhelpaksies is deurgewerk. Baie dik Sielkunde boeke is deurgelees. Self moes kromstaan om die lewensmotor op die pad te hou. Die lewensmotor moes soms ingaan vir ernstige herstelwerk, soos 'n paar operasies en ernstige lewenskrisisse, waartydens nuwe lewe vir die motor geskep is. Ek moes sweet en swoeg om die lewensmotor op die pad te hou. Soms het dit vir my moeilik geword en moes ek Hulp van Bo inroep. Tog was dit maar hoofsaaklik ek met hulp van Bo, wat die lewensvoertuig in stand en op die lewenspad gehou het. So het dit in elk geval vir my gevoel. Soos met die voertuig het dit egter toenemend moeilik geword soos ek ouer geword het. Die lewensvoertuig het al meer insette begin vra om hom op die pad te hou. Toe op 'n dag het ek besef dat ek nie meer kan aangaan met spoeg en plak aan hierdie lewe nie. Ek het gekom op 'n punt waar ek moes opgee, opgee op die lewe van

selfprobeer. Ek kon op daardie punt ‘n einde maak aan alles, of ek kon die opsie van ‘n nuwe lewe, soos ‘n nuwe motor, oorweeg. Ek dank die Handelaar wat hierdie opsie aan my uitgewys het. So het ek dan op ‘n dag my ou voertuig, my ou lewe, afgegee. Ek het my lewe ingeruil. Ek het alle regte daarop afgeteken. Ek dink die ou wrak is iewers in die vergetelheid weggegooi. Ek dink nie meer oor hom nie. Kom ek vertel jou nou van die nuwe lewensvoertuig wat die Groot Handelaar vir my gegee het.

Hierdie nuwe lewe is soos die nuwe voertuig.  Ek het dit ook verniet van Jesus ontvang toe ek aanvaar het dat Hy vir al my sondes, volledig en volkome, geboet het, sonder dat ek vir enigiets wat ek verkeerd doen, gestraf hoef te word. Baie dinge werk ook anders in hierdie nuwe lewe, net soos in die nuwe motor. My nuwe lewe word ook nie meer deur myself bestuur nie. Dit is soos ‘n outomatiese motor. Wanneer ek by die lewensopdraendes kom skakel hy self oor na ‘n rat wat die bult beter kan hanteer. Jesus is altyd daar om te help wanneer die lewenspad te steil word. Daar is ‘n nuwe Bestuurder binne die voertuig. Ons noem Hom die Heilige Gees. Dikwels voel dit vir my of ek op *autopilot* is wanneer Hy my om die moeilike hoeke van die lewe stuur. Ek het ook ‘n kragstuur in die nuwe voertuig. Sy Heilige Geeskrag bestuur my. Daar is ook baie goeie remme in die nuwe lewensvoertuig. Hierdie remme is veral effektief wanneer ek by die gevaarlike draaie en kranse van versoeking kom. Die gevaarsensors is veral handig wanneer dit by subtiele verleidings kom en wanneer die satan sekulêre

denkpatrone as aantreklik vir my voorhou. Daar is ‘n baie effektiewe padbystandsdiens vir die nuwe lewensvoertuig. Die voertuighandleiding, die Bybel, help om die padbystandsdiens effektief te maak. Telkens wanneer dit nodig word dat iemand my moet kom help langs die lewenspad, is Hy daar. Soos dit met ‘n goeie voertuig gaan, het hierdie een ‘n lewenslange waarborg. Jesus waarborg sy genade vir die nuwe lewe. Soos met die goeie voertuig sal dit ook nie nodig wees om weer ‘n ander lewe as die ewige lewe in besit te neem nie. Om te dink dat ek die nuwe lewe soos die nuwe motor sonder enige verdienste van my kant af gratis, totaal *mahala*, ontvang het.

**Wil jy nie ook van jou ou lewensvoertuig ontslae raak en hom inruil vir hierdie nuwe lewensvoertuig van God nie?**

*26 Februarie* **In U Naam**

***<u>Ribai:</u> Die Here rig.***

Baie gelowiges se verhouding met die Here, word gekenmerk deur die feit dat die mens, in die middelpunt van hierdie verhouding geplaas word. So word God eintlik in diens van die mens geplaas. Om jouself te toets of jy hieraan skuldig is, kan jy ondersoek instel na die gebed wat jy gewoonlik bid.Toets dan die gebed aan die kriteria van die Onse Vader wat Jesus vir ons as modelgebed gegee het. Is dit in jou gebedslewe ook soos in die Onse -Vader –gebed? Gaan jou gebed primêr in die eerste instansie oor lof aan God? Gaan jou gebed daaroor dat God se Koninkryk moet uitbrei, dat Sy wil bo alles moet geskied en nie jou wil nie? Bid jy dan verder en vra dat God vir jou, jou daaglikse brood moet gee? Bedoel jy in die eerste plek hiermee dat die Brood van die Lewe, Jesus Christus, vir jou die belangrikste is? Is ander prioriteite waarvoor jy dan ten opsigte van jouself intree, die vergifnis van sonde en die bede dat God jou nie vandag bo jou kragte moet toets nie.

In Johannes 16: 23 praat Jesus soos volg met Sy dissipels:

**1953 vertaling:**

*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee.*

**1983 vertaling:**

*Wat julle die Vader ook al in My Naam sal bid, sal Hy vir julle gee.*

**Amplified:**

*I assure you, most solemnly I tell you, that My Father will grant you whatever you ask in My Name( As presenting all* **I AM )**

**Die Boodskap**

*Wat julle ook al van My Vader vra om my saak in hierdie wêreld te bevorder, sal God vir julle gee.*

Die begrip *om in My Naam te vra*, het vir baie mense ‘n probleem geword, in die sin dat die frase: ***Om U Naams ontwil,*** bygevoeg word by haas enige gebed en versoek tot God, asof hierdie frase magiese krag het om God te oorreed, om selfs die mees selfsugtige gebed te verhoor.

*Die Boodskap* stel die gees en ingesteldheid, waarin hierdie *Om U Naam se Ontwil* gesien moet word baie duidelik. Dit gaan naamlik om *die saak van Jesus in hierdie wêreld te* bevorder. Dit gaan nie oor die mens se belang en die mens se saak in hierdie wêreld, wanneer daar gebid word in *Jesus se Naam* nie. **Wanneer jy in Jesus se Naam bid, bid jy eintlik namens Hom.** Jy bid vir Sy belang asof dit Hyself is wat dit by God vra.

Wat kan dit verder beteken om *In Sy Naam* iets van die Vader te vra? Om die vraag te kan beantwoord moet ons iets meer van die Naam van Jesus en van die Naam van God weet.

*Jesus* is die Griekse vertaling van die Hebreeuse *Josua*. *Josua* of *Jeshua* beteken *Die Here is Verlosser, Redder en Heil.* Ander name vir Jesus is *Christus* wat die Grieks vir *Gesalfde* is. Die Hebreeuse *Messias* beteken ook *Gesalfde*. Benewens hierdie name word Jesus ook onder andere aangedui as: *Die brood van die Lewe, Die Lewende Water, Die Weg, Die Lewe, Goeie Herder, Die Ware Wingerdstok, Die Helder Môrester, Die Lam van God, Die Seun van God, Middelaar, Heilige van God* en nog veel meer. So wanneer jy namens Hom begin praat, of Namens Hom begin intree by Die Vader, is jy met 'n baie heilige en verantwoordelike taak besig. Hier is nie veel plek vir eiebelang en 'n geneul vir dinge wat jy in selfsug vir jouself begeer nie.

Vir die Naam van God is daar baie verwysings in die Bybel. Vir die Vader en die Seun is daar genoeg name in die Bybel om vir elke dag van die jaar ten minste een naam te vind, wat ons aan God en Jesus herinner. Dink in hierdie verband aan die volgende voorbeelde: El *Olam (Ewige God), El Eljon (Allerhoogste God), Elohim (Onbeperkte volheid van Krag), en Elshaddai (God Almagtig)*. Wanneer ons in die Naam van God begin beweeg, begin ons 'n dimensie van kommunikasie betree wat gewoonlik nie deur 'n mens regtig begryp, en met die nodige ontsag hanteer word nie.

**Laat ons volgende keer wanneer ons in die *Naam van Jesus* met die Vader begin praat hierdie paar gedagtes in gedagte hou.**